

DIE TEMMING VAN 'N RISSIE

vertaling van

"THE TAMING OF THE SHREW"

van

WILLIAM SHAKESPEARE

deur

J. VAN ELDERS

--oo0oo--

Eerste oplaag, 1969 - 150 eksemplare

KARAKTERS:

BAPTISTA, 'n ryk heer van Padua.

VINCENTIO: 'n ou heer van Pisa.

LUCENTIO: Seun van Vincentio; verlief op Bianca

PETRUCHIO: 'n Heer van Verona; verstandige man met sterk humorsin,  
vryer na Katharina.

GREMIO: Bejaarde heer van Padua; verlief op Bianca.

HORTENSIO: Verlief op Bianca.

TRANIO: ) Welopgevoed.

BIONDELLO ) BEDIENDES VAN LUCENTIO.

GRUMIO ) Kort mannetjie. MAJOR-DOMO. Grapmaker.

CURTIS ) Bediendes van Petruchio.

KATHARINA ) Die Rissie. Dogters van Baptista

BIANCA ) haar suster.

'n WEDUWEE wat later met Hortensio trou.

'n REDANT: 'n ou man, veronderstel om Vincentio te verteenwoordig.

Snyer, winkelier (verkoop vroueklere) en ander bediendes wat

Baptista en Petruchio bedien.

TONEEL: Soms in Padua, soms in Petruchio se huis op platteland.

DIE TEMMING VAN 'N RISSIE1ste BEDRYF  
1ste TONEEL

(LUCENTIO EN TRANIO KOM IN).

LUCENTIO:           Tranio, weens my groot begeerte om Padua,  
                           kwekery van die skone kunste te sien,  
                           kom ek nou van vrugbare Lombardye,  
                           die aangename tuin van groot Italië  
                           en, deur my vaders liefde en verlof, gewapen  
                           met sý guns en jóú geselskap, my getroue bediende van wie  
   almaal hou,  
                           sal ons hier rus en 'n aangename kursus  
                           in geleerdheid en ingewikkelde studies loop.  
                           Pisa, beroemd vir ernstige burgers,  
                           het mý in die lewe geroep; maar eers my vader:  
                           Vincentio, afstammeling van die Bentivoli,  
                           Vincentio se seun in Florence opgevoed;  
                           Dis paslik om ál sý verwagtings,  
                           sy fortuin, met sy goeie daade te bekroon.  
                           Dus, Tranio, terwyl ek studeer  
                           sal ek deugsaam wees en dié deel van filosofie wat handel  
                           oor geluk deur deug behaal, sal ek my op toelê.  
                           Sê my wat jý dink; want ek is weg van Pisa en hier in Padua  
                           soos hy wat 'n plas verlaat om in diep water te plons  
                           en probeer om met versadiging sy dors te les.

TRANIO:           (DROOGWEG) Verskoon my, liewe meester;  
                           ek stem in alles met u saam,  
                           verheug dat u dus by u besluit bly  
                           om soetigheid uit filosofie te suig;  
                           maar, liewe meester, terwyl ons dié deug bewonder  
                           en ook die morele dissipline,  
                           laat ons nie Stoïsyne of stokke wees nie  
                           of só geheg aan Aristotle se kontrole

om soos Ovidius 'n vermaledyde banneling te word nie.  
 Deel Logika met vriende wat jy het,  
 oefen welsprekendheid in jou gewone spraak.  
 Gebruik musiek om jou te verfris;  
 pak wiskunde en metafisika aan soos jy lus kry.  
 Daar is geen wins waar geen plesier geniet word nie.  
 Kortom, meneer, studeer waarvan u die meeste hou.

LUCENTIO: Baie dankie, Tranio, jou raad is goed.  
 As Biondello nou net wou kom,  
 kan ons al gereed maak  
 en 'n woonpaleis vind om sulke vriende  
 soos wat ons in Padua sal maak, te onthaal.  
 Maar wag! Watter geselskap kom hier aan?

TRANIO: (LAGGIE) Dis 'n skou, meneer, om ons na die stad te verwelkom!  
 (BAPTISTA, KATHARINA, BIANCA, GREMIO, EN HORTENSIO KOM IN.  
 LUCENTIO EN TRANIO GAAN STAAN OPSY).

BAPTISTA: (ONGEDULDIG) Meneer, val my tog nie langer lastig nie!  
 Julle weet goed wat ek besluit het;  
 ek gee my jongste kind volstrek nie voordat  
 ek 'n man het vir die ouer een nie.  
 As een van julle twee Katharina bemin,  
 het hy my toestemming om haar die hof te maak,  
 omdat ek julle ken en van jul hou.

GREMIO: (BROM TERSY) Sê liever 'onthoof!' Sy is te ru vir my!

KATHARINA: (AAN BAPTISTA) Vader, is dít u begeerte, om  
 met my voor al dié mans die gek te skeer?

HORTENSIO: (GRIMMIG) Mens, meisie? Hoe bedoel jy nou? G'n man vir jōu  
 tensy jy sagter, liever word nie!

KATHARINA:/.....

- KATHARINA: Sowaar, meneer, jy's verniet so vreeslik bang!  
 Ek weet jy is nie halfpad na h  ar hart nie, maar as jy was,  
 kan jy verseker wees sy sal jou kop met 'n driebeenstoeltjie  
 kam,  
 jou bakkies verf en die spot met jou dryf!
- HORTENSIO: Liewe Heer, bewaar ons van sulke duiwels!
- GREMIO: En vir my ook, liewe Heer!
- TRANIO: Stil, meneer! Hier is groot pret! Daardie meisiemens  
 is  f stapelgek, of erg parmantig.
- LUCENTIO: (DROMERIG) Maar in die swye van die ander sien ek  
 'n stil, welgemanierde meisie. Stil, Tranio!
- TRANIO: Reg ges , meneer; stil! En kyk nou genoeg!
- BAPTISTA: Menere, ek gaan dadelik uitvoer wat ek ges  het:  
 Bianca, gaan binnenshuis; moenie daaroor vies wees nie,  
 Bianca lief. Ek het jou nie minder lief nie, kind.
- KATHERINA: (KATTERIG) Pappie se liefletingjie! Tjankebalie!  
 Steek jou vinger in haar oog en laat haar grens!
- BIANCA: Suster, stel jou tevrede met my ontevredenheid.  
 Vader, ek skik my eerbiedig na u wil.  
 Boeke en musiek sal my geselskap wees.  
 Ek sal alleen gaan leer en oefen.
- LUCENTIO: (INGENOME) Luister, Tranio! d  ar praat alle wysheid!
- HORTENSIO: (AFKEUREND) Meneer Baptista, m  et u nou s  snaaks wees?  
 Dit spyt my dat  ns liefde oorsaak is  
 vir verdriet vir Bianca.

GREMIO:/.....

GREMIO: Meneer Baptista, waarom sluit u h  ar op  
en straf h  ar oor di  duiwelskind se tong?

BAPTISTA: (BESLIS) Stil, menere! Ek het nou vas besluit.  
Gaan in, Bianca! (BIANCA STAP WEG) Ek weet dat sy  
'n groot behae skeep in musiek, instrumente en po sie.  
Ek sal bekwame leermeesters in my huis neem om haar te leer.  
As jy, meneer Hortensio, of jy, meneer Gremio, so 'n man ken,  
stuur hom hierheen. Ek sal goed wees vir bekwame meesters  
en goed betaal vir goeie opvoeding vir my kinders.  
En nou, vaarwel!...Katharina, jy kan bly. Ek wil nog iets  
aan Bianca s e.

:HY GAAN AF:

KATHARINA: (VERERG) Wel! Ek kan seker ook gaan, mag ek nie?  
Moet  k vertel word wat om te doen  
asof  k nie in staat is om self te dink nie, h e?

:SY GAAN WEG:

GREMIO: (SUUR) Gaan na die hoenders! Jy is s  begaafd dat niemand  
hier jou sal keer nie!  
Hortensio, ons twak is nat, jong. Tot siens!  
Maar as ek 'n bekwame onderwyser raakloop wat haar kan leer  
wat sy so 'n genot in vind, stuur ek die man na haar pa  
omdat ek my liewe Bianca so lief het.

HORTENSIO: Ek ook, meneer Gremio. Maar wag eers! Die aard van  ns  
verskil het nog nooit woorde geduld nie; maar nou geld dit  
ons al twee.  
As  ns weer gelukkige minnaars van Bianca wil word,  
sal ons moet swoeg om  en ding reg te kry!

GREMIO: (BELANGSTELLEND) Vertel my wat d t is?

HORTENSIO:/.....

- HORTENSIO: Maskas, kêrel, om 'n man vir haar suster te kry!
- GREMIO: 'n Man? Jý bedoel 'n duiwel!
- HORTENSIO: Ek sê 'n man.
- GREMIO: En ék sê 'n duiwel! Hortensio, watter man sal só dwaas wees om met die hel self te trou, al is haar pa hóé ryk?
- HORTENSIO: (ONGEDULDIG) Ag loop, Gremio! Al kan ons twee haar geraas nie verdra nie, is daar geskikte kêrels in die wêreld as mens hulle net kan raakloop, wat haar met ál haar dinge sal trou as hulle net genoeg geld saam met haar sal kry.
- GREMIO: Ek weet nie; ek neem liewer haar bruidskat op voorwaarde dat ek elke oggend op die markplein geslaan word!
- HORTENSIO: Dis waar wat jy sê: daar is min keuse tussen vrot appels! Maar kom; aangesien dié hindernis ons nou maats maak, sal ons so bly tot ons Baptista se ouer dogter aan 'n man gehelp het.  
As ons die jongste só bevry het, val ons mekaar weer aan. Liewe Bianca! Dis 'n gelukkige man wat jóú sal kry! Mog. hý wat dan die vinnigste hardloop, die ring kry! Wat sê jý, meneer Gremio?
- GREMIO: Ek stem saam! Ek wou dat ek die vinnigste perd in Padua al aan hóm kan gee wat na háár sal vry, met háár trou, en so die huis van háár bevry!

:HULLE STAP WEG:

- TRANIO: (VERBAAS) Meneer, is dit moontlik dat 'n man só skielik kan verlief raak?

LUCENTIO:/.....

- LUCENTIO: (IN VERVOERING) O, Tranio, totdat ek dit self beleef het, het ek nooit geweet dis moontlik nie. Maar 'wyl ek luisterend staan en aankyk, vind ek in ledigheid die krag van liefde en dít erken ek openlik aan jou. Jy is vir my so dierbaar en getrou soos Anna vir die vorstin van Kartage. Tranio, ek brand, ek kwyn, gaan dood, Tranio, as ek dié jong, beskeie meisie nie kan kry nie. Gee my raad, Tranio, want ek weet jy kán. Help my, Tranio, want ek weet jy sál.
- TRANIO: (DROOGWEG) Dis nie nou die tyd om te berispe nie, want liefde word nie uit die hart geraas nie. As liefde jōú geraak het, bly net dít: om haar dan so gou as moontlik te vang!
- LUCENTIO: Wraggies, kêrel, dit klink goed! Gaan voort, die res sal my troos; jōú raad is goed.
- TRANIO: Meneer, u het so lank na die nooi gekyk dat u dalk die kern van die saak gemis het.....
- LUCENTIO: (LIRIES) O, nee! Die lieflike skoonheid van haar gesig het ek gesien; skoonheid soos dié van die dogter van Agenor oor wie se hand groot Jupiter hom voor haar laat buig het tot sy knieë die sand van Kreta gesoen het.
- TRANIO: (ONGEDULDIG) Nee, kyk, nou moet hy uit sy droom ontwaak! Meneer, word wakker! As u haar bemin, sal u ál u aandag en vernuf daaraan moet wy om haar te wen. Sake staan sō: Haar suster is sō nukkerig, sō bedonsd dat, tot haar pa van haar kan kwytraak, ú liefling ongetroud moet tuisbly en daarom het hy haar nou opgesluit sodat vryers kan nie kan lastig val nie.

LUCENTIO:/.....



- LUCENTIO: Ag, Tranio, watter wrede vader hý!  
Maar, het jy opgemerk? Hy maak voorsorg vir bekwame skoolmeesters om haar te leer?
- TRANIO: Ja, meneer, ek hét; nou het ek ook 'n plan!
- LUCENTIO: Ek ook, Tranio!
- TRANIO: Meneer, ek wed ons planne is net eners!
- LUCENTIO: Vertel my jǒú plan eerste.
- TRANIO: U plan is om self skoolmeester te wees en onderneem om die nooi self te leer!
- LUCENTIO: Dit is - maar sal ek dit kan uitvoer?
- TRANIO: (POSITIEF) Onmoontlik! Want wie sal dan hier in Padua Vincentio se seun speel? Sy huis hou, sy lesse leer? vriende verwelkom, landgenote besoek en feestelik onthaal?
- LUCENTIO: Basta! Genoeg! Ek het nou die hele plan: hier was ons nog by geen huis aan nie; niemand hier ken ons nog uitmekaar as kneg of heer nie. Ons maak dan só: Jý sal meneer wees in my plek, Tranio; jy hou mý huis, stand, bediendes, soos ék sou doen. Ek sal iemand anders wees - 'n Florentyn, 'n Neapolitaan of ander man van Pisa; dis nou gereël. Trek jou uit, neem mý kleurvolle hoed en mantel.
- :HULLE RUIL HOEDE EN MANTELS:
- As Biondello kom, bedien hy jǒú, maar eers sal ek hom toor om stil te bly.
- TRANIO: Dit sal hoogs nodig wees!

Kortom, meneer, as dít u plan is,  
is ék verplig om te gehoorsaam omdat u vader my so gemaan  
het:

"Wees gedienstig aan my seun" - (DROOGWEG) Hoewel ek meen dat  
hy dit in 'n ander sin bedoel het! - ek is dus tevrede om  
Lucentio te wees, omdat ek Lucentio so bemin.

LUCENTIO: Wees dit omdat Lucentio so bemin!  
Laat my 'n slaaf wees om die nooi te kry  
wie se onverwagte koms my oog verslaaf het.  
Hier kom die vent nou! (BIONDELLO KOM IN) Vabond, waar was jy?

BIONDELLO: Waar was ék? Nee, dis eerder, waar is ú?  
Meneer, het my maat Tranio u kleed gesteel?  
Of u syne, of die een die ander s'n?  
Wat is die nuus?

LUCENTIO: Kêrel, kom hier; daar's g'n tyd om te korswil nie!  
Om my lewe te red, trek jou maat Tranio my klere en  
voorkoms aan.  
En om te ontvlug trek ek syne aan.  
Want, in 'n rusie nadat ons geland het, het ek 'n man gedood  
en ek is bevrees hulle't my gesien. Jy moet hóm nou dien  
terwyl ék vlug om my lewe te red. Verstaan jy?

BIONDELLO: Ek, meneer? Glad nie!

LUCENTIO: (STRENG) En jy rep niks van Tranio, hoor jy?  
Tranio het Lucentio geword.

BIONDELLO: Beter vir hóm! Ek wens ék was ook so!

TRANIO: Ek ook, ou seun, om die volgende wens te kry:  
dat Lucentio al Baptista se dogter het.  
Maar kêrel, nie om my ontwil nie, maar ter wille van jou  
meester.

Luister/.....

Luister; gedra jou net na die geselskap is -  
as ek alleen is, dan is ek Tranio,  
maar elders altyd jou heer Lucentio.

LUCENTIO: Tranio, ons moet nou loop. Maar daar is nog één ding  
wat jy op jou hart moet neem: jy moet een van Bianca  
se vryers wees.  
Moenie vra waarom nie. Ek het gewigtige redes daarvoor.

:HULLE GAAN AF:

TWEEDE TONEEL.....PADUA.

VOOR HORTENSIO SE HUIS: PETRUCHIO EN GRUMIO KOM IN.

PETRUCHIO: Verona, 'n tydlank neem ek verlof  
om my maats in Padua te besoek;  
veral my beste, geliefde vriend, Hortensio.  
Ek meen dít is sý huis.  
Hierjy, vabond Grumio, klop aan.....

GRUMIO: Klop? Wie moet ek klop? Het iemand u edele aangerand?

PETRUCHIO: Skobbejak, ek sê klop hard vir my....

GRUMIO: (GEMAAK ONTSTELD) U klop, meneer? Kyk, meneer,  
wie is ék om ú te klop, meneer?

PETRUCHIO: Skobbejak, ek sê klop vir my aan die hek  
en klop hard, of ék klop jou skelm kop!

GRUMIO: My baas word nou beneuk! Ek moet ú eers klop  
dan weet ek wie die slegste daarvan afkom!

PETRUCHIO: Sal jy aanklop of nie?

Maskas/.....

Maskas, vent, as jy nie klop nie, draai êk jou nek om -  
dan hoor ek hoe jy, sol-fa'en dit sing!

:HY KRY GRUMIO AAN DIE OORBEL BEET:

GRUMIO: (SKREE) Help, mense, help! My baas is dol!

PETRUCHIO: (NOU VERERG) Skobbejak! Skurk! Sal jy klop as ek dit  
gebied?

:HORTENSIO KOM UIT:

HORTENSIO: En toe? Wat gaat hier aan?  
My ou vriend Grumio! En my goeie vriend Petruchio!  
Hoe gaan dit met almal in Verona?

PETRUCHIO: Hortensio, kom jy om die rusie stop te sit?  
Dan sê ek, 'Contutto il core ben trovata'.

HORTENSIO: Kom binne, hooggeagte Petruchio. Grumio, staan op.  
Ons sal die moeilikheid skik.

GRUMIO: (GEMAAK VERERG) Dit maak nie saak wat hý in Latyn beweer nie!  
Is dit nie wettige oorsaak om sy diens te verlaat nie? Kyk,  
meneer, hy sê ek moet hóm deeglik klop! Is dít nou 'n manier  
vir 'n bediende om met sy baas te werk? Daar hy al twee-en-  
dertig is, vir al wat êk weet? Ek moes hom wraggies eers  
goed geklop het, dan sal Grumio nie die slegste daarvan  
afgekom het nie!

PETRUCHIO: 'n Dwase onnut! My liewe Hortensio,  
ek sê die vent moet aan jou hek klop,  
maar ek kon hom nie so ver kry nie!

GRUMIO: Aan die hek klop! O hemel, het u nie duidelik gesê  
"Klop my hier, klop my daar, klop my hard en deeglik" nie?  
En nōú vertel u van "Klop aan die hek!"

PETRUCHIO:/.....

PETRUCHIO: (VERERG) Vabond, mý raad is: Loop of bly stil!

HORTENSIO: Geduld, Petruchio! Ek staan vir Grumio borg;  
dis 'n lelike ding tussen jou en hóm,  
jou ou, getroue kneg Grumio.  
Maar, ou maat, vertel my nou watter goeie wind  
jou uit Verona na Padua toe waai?

PETRUCHIO: Die wind wat jong mans oor die aarde strooi  
om hul fortuin te soek, weg van die huis af, waar  
mens min ervaring opdoen. Kortom, Hortensio,  
sake staan met mý sō: Antonio, my vader, is oorlede  
en ek het na dié doolhof gekom  
om hier te trou en te vaar so goed ek kan.  
Geld het ek in my beurs, goedere tuis,  
en so het ek die wêreld kom bekyk.

HORTENSIO: Petruchio, sal ek jou reguit dan vertel  
ek kan jou aan 'n kwaai rissie help?  
Vir dié raad sal jy mý min verskuldig wees!  
Maar ek verseker jou dat sy ryk is  
en baie ryk. Maar jy's my goeie vriend.  
Ek mag haar nie aan jōú afsmeer nie!

PETRUCHIO: Tussen maats soos óns, Hortensio,  
is 'n paar woorde genoeg. As jy weet  
van een wat ryk genoeg is vir mý vrou,  
(daar rykdom die doel van my hofmaking is)  
was sy so vuil soos Florentius se liefling,  
so oud as Sibil, net so 'n verflakste feeks  
as Sokrates se Xanthippe, of nog erger,  
dit traak mý nie; sou geen verskil maak  
aan die rand van liefde nie, al was sy  
so onstuimig soos die Adriatiese See.  
Ek kom om ryk te trou in Padua;  
trou ek ryk, trou ek gelukkig in Padua.

GRUMIO:/.....

**GRUMIO:** Nee, kyk, meneer, hy vertel u nou prontuit wat in sy kop is: gee hom geld genoeg en hy sal trou met 'n houtpop of 'n baba wat op 'n lap geborduur is, of 'n ou wyf sonder tande in haar bek, en al het sy net soveel kwale soos twee-en-vyftig perde! Niks sal verkeerd wees as daar net genoeg geld is nie!

**HORTENSIO:** Petruchio, terwyl ons nou so ver gegaan het, sal ek weer sê wat net vir die grap te berde gebring is: Ek kan jou werklik aan 'n vrou help, Petruchio; sy's ryk genoeg en jonk en baie mooi; opgevoed soos 'n edelvrou behoort te wees. Maar één gebrek het sy, en dis erg genoeg: sy's só vervloeks parmantig, ja, só kwaai só uiters onuitstaanbaar, dat ék nooit met haar vir 'n goudmyn sal trou nie, al was ek ook vrekarm, Petruchio.

**PETRUCHIO:** Hortensio, stil! Jy ken die mag van goud nie; vertel my haar vaders naam, dit is genoeg; ek sal haar vat al raas sy net so hard soos donder wanneer najaarswolke bars.

**HORTENSIO:** Haar vader is Baptista Minola, 'n vriendelike beleefde heer; hãár naam is Katharina Minola in Padua vir haar skerp tong berug.

**PETRUCHIO:** Ek ken hãár nie, maar ek ken haar vader. Hy't my oorlede vader goed geken. Ek sal nie slaap voor ek haar gesien het nie, dus sal ek maar so onbeskof wees om jou sommer by ons ontmoeting te verlaat, tensy jy saam met my wil gaan, Hortensio?

**GRUMIO:/.....**

**GRUMIO:** Ag, meneer, laat hom maar begaan terwyl hy dié gier het! Op my woord, as sý hom so goed ken soos ék, sal sy weet dat 'n geraas niks met hóm sal uitvoer nie! Sy sal hom miskien 'n halwe twintigtal skurke noem; dís niks nie! As hý eers begin, beledig hý in lastertaal! Meneer, ek sê jou: as sy net 'n bietjie teenstribbel sal hy iets in haar gesig gooi en haar só daarmee skend dat sy nie meer oë as 'n kat sal hê om mee te sien nie! U ken hóm maar sleg, meneer!

**HORTENSIO:** Wag, Petruchio, ek gaan ook saam? mý skat is in Baptista se bewaring. Hý hou die juweel van my lewe, sy jongste dogter, lieflike Bianca, vas; hy hou haar weg van mý en ander minnaars, mededingers om haar liefde. Weens die foute wat ek reeds genoem het, dink Baptista dis onmoontlik vir Katharina om ooit 'n man te kry. Daarom het hy nou besluit dat niemand naby Bianca mag kom nie tot die vervloekte Kate getrou het nie.

**GRUMIO:** Vervloekte Katharina!  
Die lelikste naam wat 'n meisie kan kry!

**HORTENSIO:** Nou sal vriend Petruchio mý 'n guns bewys en my, in sober drag vermom, aan ou Baptista aanbied as 'n skoolmeester, goed in musiek, om Bianca te leer. So sal ék dan deur dié plan, tenminste 'n kans kry om na haar te vry, en ongemerk alleen by haar te kuier.

GRUMIO:/.....

- GRUMIO: (SARKASTIES) Dis glad nie verneukery nie! Die jonges is kop in een mus om die oues te bedrieg! :GREMIO KOM IN EN MET HOM LUCENTIO, VERMOM, MET BOEKE ONDER SY ARM: Meneer, meneer, kyk om! Wie gaan daar?
- HORTENSIO: Stil, Grumio! Dis 'n mededinger, daardie! Petruchio, wag 'n bietjie!
- GRUMIO: (SARKASTIES) 'n Frisse jongeling, daardie, en baie verlief! :HULLE STAAN AGTERTOEGE:
- GREMIO: O, goed; ek het die brief gelees.  
Luister nou: Dis algar boeke oor liefde;  
ek sal hulle mooi laat verbind; hou dit by jou  
en sorg dat jy geen ander lesings vir haar  
hou nie; jy verstaan my! En boonop  
meneer Baptista se vrygewigheid sal ek  
'n groot geskenk toegee. Neem jou papiere;  
ek sal hulle laat parfumeer,  
want sý na wie hul gaan, is soeter as die parfuum self!  
Wat sal jy vir haar lees?
- LUCENTIO: Wat ek ookal lees, ek verseker u  
dat ek vir haar sal pleit net of u self  
daar is, ja, en miskien nog beter,  
daar u nie self geleerdheid het nie.
- GREMIO: O, die geleerdheid! Watter goeie ding!
- GRUMIO: (TERSY) O, die haantjie! Watter dwase ding!
- PETRUCHIO: (KORTAF) Stil, kêrel!
- HORTENSIO: Grumio, stil!....Goeiendag, meneer Gremio!

GREMIO:/.....



- GREMIO:** Ek is bly om jou te sien, Hortensio.  
Weet jy waarheen ek gaan? Na Baptista Minola.  
Ek het belowe om te verneem  
omtrent 'n skoolmeester vir Bianca,  
en met 'n groot geluk dié man raakgeloop;  
in geleerdheid en gedrag ewe bekwaam;  
goed belese in poësie en ander boeke;  
goeie boeke, dít waarborg ék.
- HORTENSIO:** Dis gaaf! Ek het ook 'n man ontmoet  
wat belowe om 'n ander man te bring,  
'n goeie musikant, om ons nooi te leer;  
so sal ék niks agter wees in my plig  
teenoor háár wat ek so bemin nie.
- GREMIO:** (NADRUKLIK) Wat ék so bemin! Dit sal my dade bewys!
- GRUMIO:** (SARKASTIES) Sy dade!
- HORTENSIO:** (ERNSTIG) Gremio, dis nie nōú die tyd om óns liefde  
te bespreek nie.  
Luister na mý en as jy mooi vra,  
vertel ek iets waarby ons al twee sal baat.
- GREMIO:** Ja, wat is dít, Hortensio?
- HORTENSIO:** Ek het dié heer toevallig raakgeloop.  
Hý onderneem om Katharina die hof te maak  
en, as die bruidskat reg is, om met haar te trou  
en as ons net na sý sin ooreen kan kom.
- GREMIO:** (OPGEWONDE) "So gesê, so gedaan" is wel, Hortensio.  
Maar het jy hom darem al haar foute vertel?

PETRUCHIO:/.....

- PETRUCHIO: Ek weet reeds sy is 'n twissieke rissie.  
As dít ál is, menere, hoor ék g'n kwaad nie!
- GREMIO: (VERBAAS) Sê jy só, vriend? Watter landsman is ú?
- PETRUCHIO: Antonio se seun, gebore in Verona.  
Noudat my vader dood is, leef sy geld:  
ék hoop om lank en lekker nog te lewe.
- GREMIO: Lekker leef met só 'n vrou? Onmoontlik!  
Maar waag dit tog om Vaders naam as u die moed het!  
Ek sal u help in alles, maar sal jy werklik  
daardie katwyfie die hof maak?
- PETRUCHIO: (OPGERUIM) Wil ek lewe?
- GRUMIO: (SPYTIG) Sal hý na háár vry? Ja! Of ek hang haar op!
- PETRUCHIO: Waarom het ek anders hierheen gekom?  
Sal 'n bietjie geraas my ore pla?  
Het ek nie in my tyd Leeus hoor brul nie?  
Het ek die see, deur winde opgehoop  
nie hoor tier soos 'n kwaai wilde beer nie?  
Het ek nie grootgeskut op die slagveld gehoor nie?  
Hemelse artillerie, donderend in die lug?  
In hete geveg, luide alarms, die gerunnik van  
groot strydropste, trompet-gesketter gehoor nie?  
En julle vertel my van 'n vrou se tong  
wat nie naby so 'n slag kan gee  
as 'n kastaaiingboer se vuur nie!  
- Tch! tch! Wees bang vir seuns met gogga's!
- GRUMIO: (TERSY) Want hý vrees niemand nie!

GREMIO:/.....

- GREMIO: Hortensio, luister!  
Ek veronderstel dat dié meneer  
toevallig tot óns en sy eie geluk hier aangekom het?
- HORTENSIO: Ek het belowe dat óns die onkoste  
hoeveel ookal, van sy hofmaking sal betaal.
- GREMIO: Dít sal ons doen, mits hy haar kry.
- GRUMIO: (GRIMMIG) Ek wens ék was só seker van 'n goeie ete!  
:TRANIO, BAIE DEFTIG GEKLEED, EN BIONDELLO KOM IN:
- TRANIO: Middag, menere! Verskoon my tog,  
maar kan u my die kortste weg aanwys  
na die huis van meneer Baptista Minola?
- BIONDELLO: Hy wat die twee mooi dogters het. (AAN TRANIO) Bedoel u hóm?
- TRANIO: Juis hy, Biondello.
- GREMIO: (ONTHUTST) Luister, meneer! U wil tog nie na haar.....
- TRANIO: (KORTAF) Miskien hóm én haar. Wat traak dit u?
- PETRUCHIO: (ONNUTSIG) Nie sý wat raas nie! Ek smeeek u, los háár uit!
- TRANIO: (KORTAF) Ek bemin geen feeks nie! Biondello, ons moet loop.
- HORTENSIO: Net 'n woordjie voor u loop, meneer!  
is u 'n minnaar van die meisie van wie u praat, ja of nee?
- TRANIO: (STYF) En as ek is, meneer, is dit 'n oortreding?
- GREMIO: Nie as u sonder meer padgee nie!

TRANIO:/.....

- TRANIO: Meneer, ek vra u; is die strate hier  
nie vir my net so vry soos vir julle nie?
- GREMIO: Ja, maar nie sý nie!
- TRANIO: (STYF) En om watter rede, asseblief?
- GREMIO: Om dié rede, as u dit wil weet:  
Sy is die uitverkorene van Gremio!
- HORTENSIO: (VINNIG) Sy is die uitverkorene van Hortensio!
- TRANIO: Stadig, menere! As u edelmanne is, sal u my dié reg  
aandoen en my geduldig aanhoor:  
Baptista is 'n edel heer aan wie  
my vader nie onbekend is nie.  
En, was sy mooier as sy is  
kon sy meer minnaars hê en ek ook by.  
Skone Ledas dogter had 'n duisend minnaars,  
dus mag die skone Bianca nog een kry  
en sy sal ook! Lucentio sal één wees,  
al kom Paris ook en meen hý vry alleen!
- GREMIO: Dié man sal ons almal doodpraat!
- LUCENTIO: (SARKASTIES TERSY) Gee hom maar die toom, meneer;  
ek weet hý sal maar 'n floukop wees!
- PETRUCHIO: Hortensio, wat beteken ál hierdie woorde?
- HORTENSIO: Meneer, mag ek so vrypostig wees om te verneem  
of ú Baptista se dogter reeds ken?
- TRANIO: Nee, meneer; maar ek hoor dat hy twee het,  
die een net so berug vir haar skerp tong  
as die ander vir haar beeldskone beskeidenheid.

PETRUCHIO:/.....

- PETRUCHIO: (OPGEWONDE) Meneer, die eerste's myne; los háár uit!
- GREMIO: (DROOGWEG) Ja, laat die arbeid aan groot Herkules oor en mog dit meer wees as Alkides twaalf!
- PETRUCHIO: (AAN TRANIO) Meneer, verstaan my asseblief goed: die jongste dogter wat ú graag wil sien, hou haar pa uit bereik van minnaars en wil haar aan g'n man belowe nie voordat die oudste eers verloof is. Dán sal die kleintjie vry wees, nie eerder nie.
- TRANIO: As dit so is, meneer, dat ú die man is wat ons wil help, en my met almal saam; as ú die ys breek, dié kordaatstuk doen, om met die oudste te trou, die jongste te bevry, sodat ons haar weer mag sien; hy wat haar kry sal nie só sleg wees om ondankbaar te wees nie!
- HORTENSIO: (GOEDKEUREND) Meneer u praat mooi; u begryp ook goed; daar u erken dat u ook wil vry, moet ons saam dié meneer vergoed aan wie ons almal dank verskuldig is.
- TRANIO: Ek sal nie traag wees nie! Hier is die bewys: as julle instem, kom ons vanmiddag saam om ons nooi se gesondheid te drink. Ons sal maak soos teenstanders in die gereg: ons wedywer, probeer mekaar uitoorlê, maar buite eet en drink ons saam soos Vriende.
- GRUMIO:  
BIONDELLO:
- HORTENSIO: O, uitstekende mosie! Kom, kêrels, laat ons loop!
- HORTENSIO: Dis werklik 'n goeie voorstel! Dit sal so wees; Petruccio, ek is jou gasheer.

TWEEDE BEDRYF1ste TONEEL: PADUA, 'N VERTREK IN BAPTISTA SE HUIS.KATHARINA EN BIANCA KOM IN: BIANCA SE HANDE VASGEBIND:

- BIANCA: Liewe Sus, doen ons twee nie dié onreg aan om sô geboeid 'n slaaf van my te maak nie. Dis benede my, maar die ander ornamente..... maak los my hande; ek sal dit self afhaal; ja, ál my klere, tot my onderrok, of wat jy my gebied, dít sal ek doen, sô goed ken ek my plig teenoor my meerderes.
- KATHARINA: (BITSIG) Nou toe, sê dan wie van al jou minnaars jy die liefste het, en moenie jok nie!
- BIANCA: Glo my, Suster, onder ál die mans wat leef het ek nog nie 'n enkele gesien van wie ek meer hou as die ander nie.
- KATHARINA: (BITSIG) Gunsteling, jy lieg! Is dit nie Hortensio nie?
- BIANCA: Suster, as jy hóm wil hê, sweer ek hier dat ek self vir jou sal pleit. Jy sal hom kry.
- KATHARINA: O! dan is dit dat jy rykdom verkies; jy reken Gremio kan jou beter onderhou!
- BIANCA: Is dit oor hóm wat jy my so beny? Nee, jy spot net! Nou sien ek baie goed dis maar al die tyd 'n spotterny. Suster, asseblief maak los my hande!
- KATHARINA: (VENYNIG) As dít 'n grap is, is alles 'n grap! :KLAP VIR BIANCA:  
:BAPTISTA KOM IN:

BAPTISTA:/.....

- BAPTISTA: (GESTRENG) En toe, dame, waarom so parmantig?  
 Bianca, gaan eenkant - arme kind, sy huil! -  
 loop, doen naaldwerk; bly weg van Katharina.  
 Skaam jou, jou lafaard van 'n duiwelskind!  
 Hoekom klap jy h  r wat j  u nooit kwaad aandoen nie?  
 Uiter sy ooit 'n bitter woord teen j  u?
- KATHARINA: (KWAAD) Haar stilsweye spot my! Ek sal wraak neem!  
 :SY HARDLOOP NA BIANCA:
- BAPTISTA: (KWAAD) Wat! Voor my o  ? Bianca, gaan in! :SY GAAN AF:
- KATHARINA: (SPYTIG) Gaan u my dit belet? Nee, nou sien ek  
 sy is u liefling! S   m  et 'n man kry  
 en   k moet kaalvoet op haar bruilof dans!  
 Deur    voortrekkery van h  r moet   k  
 ape deur die hel lei! Moenie met my praat nie.  
 Ek gaan sit en tjank tot ek 'n kans kry om wraak te neem!  
 :SY GAAN AF:
- BAPTISTA: Watter man is al ooit so gegrief soos   k?  
 Maar wie kom hierheen?  
 :GREMIO KOM IN MET LUCENTIO IN DIE DRAG VAN 'N GEWONE MAN:  
PETRUCHIO MET HORTENSIO AS MUSIKANT: EN TRANIO MET BIONDELLO  
WAT BOEKE EN 'N LUIT DRA:
- GREMIO: Goeiem  re, buurman Baptista.
- BAPTISTA: Goeiem  re, buurman Gremio. God se  n u, menere!
- PETRUCHIO: En   , meneer! Ek verstaan u het 'n dogter  
 genaamd Katharina, mooi en deugszaam?
- BAPTISTA: (SAAKLIK) Ek het 'n dogter wat Katharina heet.

GREMIO:/.....

- GREMIO:** Jy is te kortaf. Praat padlans!
- PETRUCHIO:** U doen my onreg aan, meneer Gremio. Gee my 'n kans!  
Meneer Baptista, ek is 'n heer van Verona;  
ek het van haar verstand en skoonheid gehoor,  
van haar wonderlike geaardheid, stille gedrag;  
haar minsaamheid en skaam sedigheid.  
Nou is ek so vrymoedig om te vra  
dat my eie oë mag getuig  
van die berig wat ek so dikwels hoor.  
En ter betaling vir daardie plesier  
bied ek nou dié man van my aan u (BRING HORTENSIO VORENTOE)  
Hy's slim in musiek en matesis  
en kan haar goed leer in die wetenskappe  
waarmee sy al bekend is, soos ek weet.  
Neem hom, of anders doen u my net onreg aan.  
Sy naam is Licio, 'n man van Mantua.
- BAPTISTA:** (WAARDIG) U is welkom, meneer, en hý om u ontwil.  
Maar wat my dogter Katharina betref,  
dit spyt my; sy is nie vir ú geskik nie.
- PETRUCHIO:** Ek sien! U wil nie van haar afskeid neem nie,  
of anders dink u nie genoeg van my nie!
- BAPTISTA:** Moenie dit nou verkeerd opvat nie!  
Dis net die reine waarheid wat ek praat.  
Waar kom u vandaan? Hoe voer u die van?
- PETRUCHIO:** Ek is Petruccio, seun van Antonio,  
'n man bekend dwarsdeur Italië.
- BAPTISTA:** Ek ken hóm goed. U is welkom om sý ontwil.
- GREMIO:** Hou tog nou op met praat, Petruccio;  
ons arme smekeling wil ook praat!  
Maskas, maar jý is vrypostig!

PETRUCHIO:/.....



- PETRUCHIO: Verskoon my, meneer Gremio,  
maar ek wil graag doenig wees.
- GREMIO: Dit glo ek goed, maar jy sal jou vryery nog berou!  
:WEND HOM TOT BAPTISTA: Buurman, ek is seker hier is 'n  
goeie geskenk om 'n bietjie van die goedheid wat ek aan u  
verskuldig is, te vergoed. Ek bring dié jong geleerde man  
na u - (BRING LUCENTIO VORENTOE) Hy het lank in Rheims  
studeer, is net so slim in Grieks, Latyn en ander tale soos  
daardie een in musiek en matesis.  
Sy naam is Kambio. Neem tog sy dienste aan.
- BAPTISTA: Duisend dankie, Gremio. Welkom, goeie Kambio.  
(AAN TRANIO) Maar ú lyk na 'n vreemdeling, meneer. Mag ek  
so vrymoedig wees om die rede vir ú koms te verneem?
- TRANIO: Ekskuus, meneer, dis ék wat astrant is  
omdat ek ook u dogter, die mooie, minsame Bianca,  
die hof wil maak, al is ek 'n vreemdeling in die stad.  
Ek weet ook van u vaste voorneme  
dat die ouer suster die voorkeur moet kry.  
Ek vra dus net één guns van u:  
dat, as u weet wie my familie is,  
ek ook tussen die minnaars welkom sal wees,  
ook toegelaat sal word om te kom kuier.  
En, tot die geleerdheid van u dogters,  
skenk ek dié eenvoudige instrument,  
en dié klein pakkie, Grieks en Latynse boeke.  
As ú dit aanneem, is hulle waarde groot.
- BAPTISTA: Lucentio is jou naam, maar waarvandaan?
- TRANIO: Van Pisa, meneer; Vincentio se seun.

BAPTISTA:/.....

- BAPTISTA:** (GOEDKEUREND) 'n Vooraanstaande man van Pisa! Van hóm het ek baie gehoor. U is welkom.  
 (AAN HORTENSIO) Neem jý dié luit en jý (AAN LUCENTIO) die stel boeke. Gaan nou na julle leerlinge.  
 (ROEP) Hallo, daarbinne! ('N BEDIENDE KOM UIT) jong, neem dié menere na my dogters. Sê aan hulle dis hul onderwysers. Hulle moet mooi leer.  
 (BEDIENDE GAAN UIT MET HORTENSIO EN LUCENTIO)  
 Ons gaan nou 'n rukkie in die vrugteboord wandel voordat ons eet. U is baie welkom; ek hoop dat u almal ook so voel.
- PETRUCHIO:** Meneer Baptista, mý sake eis spoed, en ek kan ook nie elke dag kom vry nie!  
 U't my vader goedgeken, dus ken u mý, erfgenaam van ál sy geld en goed, wat ek eerder vermeerder as verkwis. Sê dan, as u dogter my liefkry, watter bruidskat ek saam met my vrou sal kry?
- BAPTISTA:** Na mý dood, een helfte van my grond; nou, onmiddellik, twintig duisend Krone.
- PETRUCHIO:** Vir daardie bruidskat sal ek sorg dat sy alles van my erf as ék eerste sterf. Laat die dokumente nou maar opstel sodat ons al twee ons verbond kan nakom.
- BAPTISTA:** (DROOGWEG) Ja, as u eers die vernaamste ding hê, naamlik haar liefde, want dít is alles!
- PETRUCHIO:** (SELFVERSEKERD) Maar dít is niks nie! Ek sê u, vader, Ek is net so gebiedend as wat sý hooghartig is! Waar twee woedende vure bymekaar kom, verteer hulle dít wat hul woede voed. Al word klein vuurtjies groot van bietjie wind,

sal/.....

sal kwaai rukwinde vuur en alles blus!  
 Aldus ek tot háár, so gee sy in vir my,  
 want ék is ru en vry nie soos 'n kind nie!

**BAPTISTA:** (OPGERUIM) Ek wens jou veel geluk toe; ook haas en spoed!  
 Maar maak jou maar klaar vir harde woorde, hoor!

**PETRUCHIO:** (GLIMLAGGEND) Dit stel ons op die proef! Soos berge teen  
 die wind onwankelbaar, al waai dit aanhoudend.

:HORTENSIO KOM WEER IN MET BEBLOEDE KOP:

**BAPTISTA:** Hoe nou, my vriend? Hoekom is jy so bleek?

**HORTENSIO:** Glo my, as ek bleek is, is dit van vrees!

**BAPTISTA:** Hoe lyk dit - sal my dogter goed kan speel?

**HORTENSIO:** Ek dink sy sal eerder soldaat kan speel!  
 Yster mag by háár hou, nooit luite nie!

**BAPTISTA:** (GEAMUSEERD) Dan kan jy haar nie leer om die luit te  
 speel nie?

**HORTENSIO:** (NADRUKLIK) Nee! Sy het die luit dan op my gebreek!  
 Ek sê sy speel verkeerd en buig haar hand  
 om vingersetting te verduidelik, toe sê sy ongeduldig  
 en boosaardig: 'Noem jy dít 'n toetsbord?  
 ek sal jōú toets!' en slaan my met die woorde oor my kop!  
 Daar staan ek toe 'n ruk verslae deur die luit en kyk  
 soos op 'n skandpaal, terwyl sy my skurk-vioolspeler,  
 Tokkel-Tom en twintig meer skeldname noem  
 asof sy dit studeer het om mens só uit te skel!

**PETRUCHIO:** (LAGGEND) Op my woord, dis 'n gawe nooi!  
 Ek het haar tienmaal liewer as tevore:  
 O, ek verlang om haar te sien! met haar te gesels!

BAPTISTA:/.....

BAPTISTA: Kom saam met my. (AAN HORTENSIO) Moenie so bekaf wees nie; gaan maar voort en leer my jongste dogter; sý leer graag en is dankbaar vir onderrig. Meneer Petruchio, kom u saam met my, of stuur ek my dogter hierheen?

PETRUCHIO: Ja, asseblief. Ek spreek haar liever hier,  
:ALMAL GAAN UIT BUITEN PETRUCHIO:

PETRUCHIO: Ek maak die hof geesdriftig as sy kom!  
 Sê nou sy spot - ek sê haar dan reguit  
 sy sing so lieflik as 'n nagtegaal;  
 sê nou sy frons - ek sê dan sy lyk so mooi  
 soos oggendrose pas met dou gewas!  
 As sy stil is en g'n woord wil praat nie,  
 prys ek dan die gladheid van haar tong;  
 sê nou sy uiter skerp welsprekendheid,  
 gebied my om te trap, bedank ek haar  
 asof sy my vra om 'n week te bly.  
 Sê sy sy trou nie met my nie, verneem ek  
 van die gebooie en wanneer ons trou.  
 Maar hier kom sy! Praat nou, Petruchio!  
 (KATHERINA KOM IN) Goeiemôre, Kate; ek hoor dis jou naam.

KATHARINA: Jy't gehoor, maar jy is effens doof;  
 Dié wat van my praat, noem my Katharina.

PETRUCHIO: Die waarheid is, jy lieg! Hul noem jou Kate,  
 en mooi Kate, en soms verflakste Kate,  
 maar Kate, die mooiste Kate in Christendom;  
 Kate van Kate-hal; ai, dis my lekker Kate,  
 want, cates' is lekkernye en dus, Kate,  
 Kate, my troos, neem dit van my: vanwaar ék kom  
 hoor ek in elke stad hoe hul jou sagtheid prys;  
 jou deugde praat hul van en van jou skoonheid,  
 tog prys hulle nie hoog genoeg nie.  
 Dit alles beweeg my om jou die hof te maak.

KATHARINA:/.....

- KATHARINA: (SKERP): Beweeg! Ook net betyds! Laat hom wat jou hierheen beweeg het, jou weer wegvoer; ek het sommer geweet jy's beweegbare losgoed!
- PETRUCHIO: (NUUSKIERIG) Wat is losgoed?
- KATHARINA: (SPYTIG) 'n Voustoel!
- PETRUCHIO: Ek dink jy het gelyk: Kom sit op my.
- KATHARINA: Esels is gemaak vir dragte; jy ook!
- PETRUCHIO: Vrouens is gemaak om te verdra; jy ook!
- KATHARINA: (SPYTIG) As jy my bedoel, nie so 'n ou knol soos jy nie!
- PETRUCHIO: Helaas, Kate, ek sal jou nie bevrag nie, want ek weet jy is maar jonk en lig.....
- KATHARINA: (VINNIG) Té lig vir so'n ou vryer soos jy om te vang, maar so swaar soos ek behoort te wees daarby.....
- PETRUCHIO: Daarby? Zoemmmmm!
- KATHARINA: Goed gevat, net soos 'n bromvoël!
- PETRUCHIO: O, stadig-vliegende duif! Sal 'n valk jou vat?
- KATHARINA: Ja, vir 'n duif, soos hy 'n bromvoël vat!
- PETRUCHIO: Kom, kom, jou perdeby! Jy is te kwaai.
- KATHARINA: Pas dan op vir die perdeby se angel!

PETRUCHIO:/.....

- PETRUCHIO: Mý raad is dan om dit uit te pluk.
- KATHARINA: Ja, as die swaap weet waar om dit te soek!
- PETRUCHIO: (LAGGIE) Wie weet nie waar 'n perdeby se angel sit nie?  
In sy stert!
- KATHARINA: In sy tong!
- PETRUCHIO: Wie se tong!
- KATHARINA: Joune, as jy van sterte praat! Vaarwel!
- PETRUCHIO: (LAGGEND): Wat! Met my tong in jou stert? A-nee-a!  
Liewe Kate, ek is 'n heer!
- KATHARINA: Dan sal ék probeer! (SY KLAP HOM).
- PETRUCHIO: (VERERG) Ek sweer ek klap jóú as jy mý weer slaan!
- KATHARINA: (BITSIG) Mog jy dan ontwapen word!  
As jy mý slaan, is jy g'n heer nie,  
en, g'n heer, g'n wapenskild!
- PETRUCHIO: Wat! Is jy 'n wapenkundige?  
Skryf my dan in jou boeke neer.
- KATHARINA: (KATTERIG) Wat is jou helmteken? 'n Windsak?
- PETRUCHIO: 'n Kamlose haantjie, as jy my hen sal wees.
- KATHARINA: Geen haan van mý nie - jy kraai soos 'n lafaard!

PETRUCHIO:/.....

- PETRUCHIO: A-nee, Kate! Moenie so suur wees nie!
- KATHARINA: So is ek altyd as ek 'n suurknol sien!
- PETRUCHIO: Moenie so suur wees nie. Hier is g'n suurknol nie.
- KATHARINA: (NADRUKLIK) Daar is! Daar is!
- PETRUCHIO: Wys my dan.....
- KATHARINA: (BELEDIGEND) Had ek 'n spieël, dan kon ek!
- PETRUCHIO: (PLAERIG) Wat, bedoel jy my gesig?
- KATHARINA: Goed geraai vir so 'n jongeling!
- PETRUCHIO: Gedoriebaar, ek is te jonk vir jōu.
- KATHARINA: Tog is jy al verlep!
- PETRUCHIO: Dis van bekommernis.
- KATHARINA: (VINNIG) Nie my bekommernis nie!
- PETRUCHIO: Kate, luister nou; jy kom nie sō verby nie.
- KATHARINA: Laat my gaan; as ek bly, vererg ek jou net.
- PETRUCHIO: (ONNUTSIG) O-nee! Glad nie! Ek vind jou besonder sag!  
 Hulle 't gesê jy's ru en skaam en stuurs -  
 nou vind ek uit dis alles leuens;  
 want jy is aangenaam, geestig, beleef,  
 maar stadig van spraak, dog soet soos lentebloeisels!

Jy/.....

Jy kan nie frons nie, jy kan nie skeef kyk nie,  
 of jou lip byt soos kwaai meisies maak nie;  
 jy onthaal jou minnaars met sagtheid, met  
 sagte woorde, minsaam en vriendelik.  
 Waarom sê die wêreld dat Kate mank loop?  
 Lasterlike wêreld! Kate is soos 'n haseltakkie,  
 regop, slank, net so bruin van kleur  
 as haselneute en soeter as die kern!  
 O, laat ek jou sien stap!

KATHARINA: (VERERG): Swaap! Loop, hiet en gebied dié wat jou bedien!

PETRUCHIO: (IN VERVOERING) Het Diana 'n woud ooit só versier  
 soos Kate dié kamer met haar vorstelike tred?  
 O! Wees jy Diana - laat hâar Kate wees:  
 Laat Kate dan kuis wees, Diana speels!

KATHARINA: (VIES) Waar het jy al dié mooipraatjies geleer?

PETRUCHIO: Uit die vuis uit; gesonde verstand.

KATHARINA: (SARKASTIES) Ek is so bly jy dink so!

PETRUCHIO: Is ek nie verstandig nie?

KATHARINA: Ja! Hou jou warm.

PETRUCHIO: (LAGGIE) Dis juis my plan, liewe Kate, in jôu bed!  
 Dus hou ons op om al die kaf te praat,  
 want die saak staan só: Jou pa het toestemming gegee  
 dat ons mag trou. Jou bruidskat is al gereël,  
 en of jy wil of nie, ek trou met jou.  
 Kate, ek is net die regte man vir jou;

want/.....



want in die lig wat ek jou skoonheid sien,  
 die skoonheid wat my so van jou laat hou,  
 mag jy met geen ander man trou nie, net met my.  
 Want ek is hy wat jou sal makmaak, Kate,  
 wat wilde Kate aan mak Kate sal verander  
 soos ander huishoudelike Kates.  
 Hier kom jou vader nou; moenie weier nie.  
 Ek móét en sál net met Katharina trou!

:BAPTISTA, GREMIO EN TRANIO KOM TERUG:

- BAPTISTA:** En toe, Petruchio, hoe vaar jy met my dogter?
- PETRUCHIO:** (OPGERUIM) Hoe anders as goed, meneer? Hoe anders?  
 Vir my is dit onmoontlik om nie te slaag nie!
- BAPTISTA:** Waarom so mismoedig, dogter Kate?
- KATHARINA:** (VERBITTERD) Noem u my nog, dogter'? Ek kan net sê  
 u toon tere vaderlike liefde om my  
 te gee aan een wat half gek is -  
 'n Malkop boef, 'n swetsende skurk  
 wat meen dat hy alles met skelwoorde sal regkry!
- PETRUCHIO:** Vader, dis só: U het, saam met die wêreld wat  
 van haar gepraat het, van haar sleg gepraat,  
 want haar nukke is net 'n plan; sy's nie voorbarig,  
 maar skaam soos 'n duif; sy is nie warm, maar matig  
 soos die oggend; in geduld is sy 'n tweede Grissel  
 en soos Roomse Lucrece vir haar kuisheid. Ten slotte,  
 ons het so goed klaargekom dat ons troudag aanstaande  
 Sondag is.
- KATHARINA:** (BITSIG) Jy kan gaan bars! Ek trou nie met jōú nie!

GREMIO:/.....

- GREMIO: Hoor jy, Petruchio? Jy kan liewers gaan bars!
- TRANIO: Is dít jou vordering? Goeienag vir óns part!
- PETRUCHIO: (SELFVERSEKERD) Hou maar moed, menere; ek het haar self gekies.  
 Wat traak dit júlle as óns tevrede is?  
 Toe ons alleen was, het ons gereël  
 dat sy haar voor ander mense nog beneuk sal hou.  
 Ek sê vir julle, dis moeilik om te glo  
 hoeveel sy my bemin. (LIRIES) O, liewe Kate!  
 Sō vinnig soen vir soen geruil het, eed vir eed,  
 dat ek in 'n ommesientjie doodverlief was.  
 O, júlle's beginners! Dis werd om te sien  
 hoe mak, as mans en vrouens alleen is,  
 die grootste lafaard die kwaaieste feeks kan maak!  
 Gee my jou hand, Kate; ek gaan na Venisieë  
 om klere vir ons twee se troue te koop.  
 Berei die troufees, vader, nooi die gaste;  
 ek sal sorg dat my Katharina deftig is.
- BAPTISTA: (EFFENS VERBAAS) Wat kan ék sê? Gee my julle hande.  
 God seën jou, Petruchio; julle mag trou.
- GREMIO: )  
 TRANIO: )  
 Ons sê Amen! Ons sal getuie wees.
- PETRUCHIO: Vader, vrou en menere, tot siens!  
 Ek wil na Venisieë. Sondag kom vinnig;  
 ons moet ringe en klere en mooi goed hê.  
 Soen my Kate! (TREK HAAR NADER) Ons trou op Sondag.
- :PETRUCHIO EN KATHARINA GAAN AFSONDERLIK UIT:

GREMIO:/.....

- GREMIO: (VERBAASD) Was enige huwelik voorheen al sō vinnig gereël?
- BAPTISTA: Waarlik, menere, ek speel nou koopmans part en waag roekeloos op 'n onbestendige mark.
- TRANIO: Met 'n handelsartikel nog nooit van nut!  
Dit sal wins bring, of op die see vergaan!
- BAPTISTA: Die wins waarna ék soek, is vrede in die huwelik.
- GREMIO: (SARKASTIES) G'n twyfel, hy't 'n vreemde vangs gevang!  
Maar nou, Baptista, omtrent u jongste kind:  
dis die dag waarna ons uitgesien het -  
ek is u buurman; ek het eerste kom vry.
- TRANIO: En ék bemin Bianca baie meer  
as woorde kan vertel of ú kan dink.
- GREMIO: Jongeling, jy kan nie so teer bemin soos ék nie!
- TRANIO: Grysaard, ú liefde verys!
- GREMIO: Maar joue braai!  
Skipper, terug; dis die ouderdom wat koester.
- TRANIO: Maar dis jeug wat in dames se oë floreer!
- BAPTISTA: So nou, menere. Dié twis skik ék gou-gou.  
Dis dae wat die prys sal wen en hý  
wat my dogter die grootste bruidskat gee  
dié kry Bianca se liefde.  
Meneer Gremio, sê my wat ú kan waarborg?

GREMIO:/.....

GREMIO: Eerstens: Soos u weet, my stadshuis hier  
 het oorgenoeg aan tafelsilwer en goud;  
 bekere en komme vir haar mooi hande;  
 gordyne, alles van Tiriaanse stof;  
 my krone is in ivoorkiste gestop;  
 in sipreskiste my geborduurde dekens;  
 duur klerasie, tente, hemels, fyn linne,  
 Turkse kussings met pêrels uitgewerk,  
 kledingstowwe van Venisiaanse goue naaldwerk;  
 tin en koper, alle toebehorens  
 van huis of huishouding. Dan, op my plaas,  
 'n honderd melkkoeie word daar gemelk;  
 daar's twee honderd vetmaakosse in my stal  
 en alles wat by die boerdery behoort.  
 Ek moet erken ek is al effens oud,  
 maar as ek môre sterf, is alles hare  
 as sy my net getrou bly 'wyl ek leef.

TRANIO: Daardie 'net' kom goed te pas!  
 Meneer, hoor mý nou:  
 Ek is my vaders erfgenaam, ál seun.  
 As ek u dogter vir my vrou kan kry,  
 sal ek drie -vier huise binne ryk Pisa se mure  
 aan haar bemaak, net so goed  
 as enige wat ou meneer Gremio  
 hier in Padua het; en nog boonop kry ek  
 twee duisend dukate jaarliks uit geile grond  
 en dit alles sal sy erf.  
 Wel, meneer Gremio, het ek u geknyp?

GREMIO: Twee duisend dukate uit sy grond!  
 Al mý grond is nie soveel werd nie;  
 dit kan sy kry en boonop die groot skip  
 wat nou in Marseille geanker lê.  
 Wel, het ek jǒú nou met 'n skip verstik?

TRANIO:/.....

- TRANIO: Gremio, almal weet vader het nie minder as drie groot skepe, buiten twee galeie en nog twaalf goeie bote; dít kry sy en tweemaal soveel as wat ú nog aanbied!
- GREMIO: Ek offer ál wat ek hét, nie meer nie. Sy kan tog nie meer kry as wat ek het nie! As u van my hou, Baptista, kry sy my en myne.
- TRANIO: Nee, dan is die meisie myne alleen, soos u belowe het. Ek bied die hoogste.
- BAPTISTA: Ek moet erken ú offer is die beste en as u vader dit waarborg, is sy joue. Maar anders - verskoon my, maar as u voor haar sterf, waar is haar bruidskat dán?
- TRANIO: (VERERG) Dis net haarklowery! Hý is oud, ék jonk!
- GREMIO: Sterf jongmense nie net sowel as oues nie?
- BAPTISTA: Wel, menere, ek het nou besluit. Julle weet my dogter Katharina trou op Sondag; op die volgende Sondag sal Bianca met ú trou as u my die waarborg gee; so nie, dan met meneer Gremio. So groet ek julle al twee nou.
- GREMIO: Dag, ou Buurman! (BAPTISTA GAAN WEG) Nòù is ek nie meer bang nie! Klein dobbelaar, jou vader sou dwaas wees om hom in sy oudag só uit te trek en sy voete onder jóú tafel insteek! Bog! 'n Ou jakkals is meer geslepe, seun! (HY GAAN WEG).

TRANIO:/.....

TRANIO: (BROM) 'n Pes op sy sluwe, opgeplooide huid!  
 Tog het êk die slag met 'n tien geneem.  
 Ek meen dat ek my meester nog kan help:  
 Ek kan nie insien waarom kamma-Lucentio  
 nie 'n vader, kamma-Vincentio, kan kry nie!  
 (LAGGIE) Dis 'n wonderwerk! Vaders kry gewoonlik hulle  
 kinders  
 Maar in dié vryery sal 'n kind 'n vader bekom, as ek slim  
 is!  
:HY GAAN WEG:

DERDE BEDRYF

'N VERTREK IN BAPTISTA SE HUIS.  
 LUCENTIO, HORTENSIO EN BIANCA KOM BINNE.

LUCENTIO: Violspeler, hou op! Jy word astant!  
 Vergeet jy sô gou van die vermaaklike manier  
 waarop haar suster Kate jou ontvang het?

HORTENSIO: Maar, twissieke skoolmeester, sy is mos  
 die beskermvrou van hemelse harmonie!  
 Ek hoort dus bevoorreg te wees.  
 As ons 'n uur met musiek deurgebring het  
 sal jý net so lank vir jóú lesings kry.

LUCENTIO: Onsinnige esel! sô ongeleerd, jy weet nie eens  
 waarvoor musiek bedoel is nie!  
 Is dit nie verorden om die mensdom  
 ná studie of ná kwaai pyn te verkwik nie?  
 Gee mý dan kans om filosofie te lees  
 en 'wyl êk rus, dien jy jou harmonie!

HORTENSIO:/.....

- HORTENSIO: Kyk, kêrel, dié uittarting van jou sal ek nie duld nie!
- BIANCA: (BERISPEND) Menere, dis 'n dubbele onreg om sō te stry oor wat ek self verkies!  
Ek is g'n stoute skoolkind in die skool ek sal nie vas wees aan bepaalde ure nie maar, soos ek self verkies, my lesse leer.  
En, om die rusie nōū te skik, sit ons hier; neem jý jou instrument; speel jý solank.  
Sý lesing is verby voor jy klaar gestem het.
- HORTENSIO: Sal u sy lesing stop as ek gestem is? :HY GAAN EENKANT:
- LUCENTIO: Dít sal nooit wees nie! Stem maar jou instrument!
- BIANCA: Waar het ons opgehou?
- LUCENTIO: Hier, madam:  
'Hic ibat Simois; hic est Sigei tellus;  
hic steterat Priami regia celsa senis.'
- BIANCA: Vertaal dit nou!
- LUCENTIO: 'Hic ibat' soos ek jou voorheen gesê het, "Simois" ek is Lucentio, "hic est" seun van Vincentio van Pisa, "Sigeia tellus" sō vermom om jou liefde te wen, "hic steterat" en daardie Lucentio wat kom vry, is my kneg Tranio "regia" wat mý plek neem, "celsa senis" dat ons die oubaas kan bedrieg.
- HORTENSIO: (KOM TERUG) Madam, my instrument is gestem.
- BIANCA: Laat ons hoor! (HORTENSIO SPEEL) Ag sies, die wysie is vals!

LUCENTIO:/.....

- LUCENTIO: Spoeg in die gat, man, en stem weer!
- BIANCA: Laat ek nou sien of ek dit kan vertaal: "Hic ibat Simois" ek ken jou nie; "hic est Sigeia tellus" ek vertrou jou nie; "hic steterat Priami" pasop dat hy nie hoor nie! "regia" moenie te seker van jou saak wees nie! "velsa senis" en moenie moed opgee nie!
- HORTENSIO: Madam, dis nou gestem.
- LUCENTIO: Alles behalwe die bas!
- HORTENSIO: Die bas is reg; (TERSY): Dis net dié lae skurk wat vals is!  
Ons pedant is erg driftig en astrant!  
Ek sweer die skurk vry ook na my nooi!  
Genugtig, ek sal jōu stipter dophou! :HY GAAN OPSY:
- BIANCA: Mettertyd sal ek jou dalk glo, maar ek twyfel.....
- LUCENTIO: Twyfel nie want Eacides was sekerlik Ajax, so genoemd na sy oupa.
- BIANCA: Ek moet my meester seker glo anders sê ek jou ek sou nog altyd oor die twyfel stry.  
Maar laat dit rus. Nou, Licio, en jy (AAN HORTENSIO) goeie meesters, neem my dit nie kwalik dat ek met julle al twee die spot dryf nie.
- HORTENSIO: (AAN LUCENTIO) Jy kan gaan wandel. Gee my nou 'n kans. my lesse maak nie musiek in drie stemme nie!
- LUCENTIO: Is jy dan sō formeel? Wel, ek moet wag.  
(TERSY) En dophou! As ek dit nie mis het nie, word ons deftige musikus nou vryerig!

HORTENSIO:/.....



**HORTENSIO:** Madam, vóór u aan die instrument raak moet ek, om die juiste vingersetting te verduidelik, begin by die begin. Ek leer u gou die toonladder op 'n meer plesierige, pittiger en doeltreffender manier as enige ander van my beroep, en dáár is dit, alles netjies neergeskryf.

**BIANCA:** (PROTESTEER) Maar ek is mos al lankal daar verby!

**HORTENSIO:** (OORHALEND) Lees die musiekskaal van Hortensio.

**BIANCA:** (LEES): "Toonladder" êk, grondslag van alle akkoorde,  
 "A re" om Hortensio se hartstog te bepleit;  
 "B mi" Bianca, vat hóm vir jou heer  
 "C fa ut" wat so sterk en teer bemin;  
 "D sol re" één sleutel, twee note het ek;  
 "E la mi" wees genadig of ek sterf."  
 Is dít 'n toonladder? Ag, dis lelik;  
 ek hou meer van ou modes! Ek's nie só fyn  
 om egte reëls vir snaakse versinsels om te ruil nie!

**BEDIENDE:** (KOM IN) Juffrou, u vader sê los die boeke;  
 kom help om u suster se kamer te versier;  
 u weet mos môre sal haar bruilof wees.

**BIANCA:** Tot siens, goeie meesters, ek moet nou loop.

:BIANCA EN BEDIENDE GAAN UIT:

**LUCENTIO:** Daar's nou geen rede om te vertoef nie. (HY GAAN UIT)

**HORTENSIO:** (DRIFTIG) Maar êk het rede om dié pedant te ondersoek! Vir my lyk hy net verlief!  
 Maar Bianca, as jy só simpel is

om/.....

om op elke rondloper verlief te raak,  
 vat jou wie wil! As ek jou eenmaal betrap,  
 sal ons kiets wees! want Hortensio  
 sal ook 'n verandering soek!

:HY GAAN UIT:

TWEEDE TONEEL

VOOR BAPTISTA SE HUIS.

BAPTISTA, GREMIO, KATHARINA, BIANCA, LUCENTIO, TRANIO  
 EN BEDIENDES KOM IN.

**BAPTISTA:** (AAN TRANIO) Meneer Lucentio, dis die bepaalde dag  
 waarop Katharina en Petruchio sou trou,  
 maar ons hoor nog niks van ons skoonseun nie.  
 Wat sal die mense sê? Hulle sal mos spot  
 omdat die bruidegom nie opdaag nie,  
 en die predikant reeds aangekom het  
 vir die huweliksplegtighede!  
 Wat sê jý van ons skande, Lucentio?

**KATHARINA:** (BITSIG) Net my skande! Ek word mos gedwing  
 om my hand, glad teen wil en hart, te gee  
 aan 'n malle, gemelike buffel  
 wat haastig die hof maak, maar traag is om te trou.  
 Ek het u gesê hy is 'n rasende dwaas  
 wat sy bitter humor onder norsheid dek!  
 Hy wil só graag as grapmaker bekend word  
 dat hy met duisend meisies so sal vry,  
 troudag bepaal, vriende nooi, alles reël,  
 net hý is nie van plan om ooit te kom nie.  
 Die wêreld moet maar spot met Katharina  
 en sê: 'Dáár staan mal Petruchio se bruid  
 as hy net met haar wil kom trou!'

TRANIO:/.....

- TRANIO: (REDELIK) Hou moed, Katharina, en Baptista ook.  
 Ek is seker Petruchio is opreg  
 al het watter teenspoed hom vertraag.  
 Al is hy kortaf, ek weet hy's meer as slim;  
 al is hy grappig, tewens is hy eerlik.
- KATHARINA: Ek wens darem ek het hom nooit gesien nie!  
 :GAAN HUILEND UIT GEVOLG DEUR BIANCA EN ANDERE:
- BAPTISTA: (SIMPATIEK) Loop, kind, ek neem jou dit nie kwalik nie  
 dat jy nou ween, want so 'n onreg sal  
 selfs 'n heilige vererg, wat staan nog  
 'n ongeduldige geitjie soos jý!
- BIONDELLO: (KOM IN. OPGEWONDE) Baas, baas! Nuus, ou nuus en  
 sulke nuus soos wat u nooit tevore gehoor het nie!
- BAPTISTA: Hoe kan dit moontlik nuut en oud ook wees?
- BIONDELLO: Is dit dan nie nuus om te hoor Petruchio kom nie?
- BAPTISTA: (GRETIG) Het hy gekom?
- BIONDELLO: Nee, Meneer.
- BAPTISTA: (ONGEDULDIG) Wat dan?
- BIONDELLO: Hy kom, meneer.
- BAPTISTA: Wanneer sal hy hier wees?
- BIONDELLO: As hý staan waar ék nou staan en ú dáár sien!
- TRANIO: (ONGEDULDIG) Praat tog! Wat is jou nuus?

BIONDELLO:/.....

**BIONDELLO:** (RAMMEL DIT VINNIG AF) Petruccio kom in 'n nuwe hoed en 'n ou jekker; 'n ou broek wat al driekeer verander is; 'n paar stewels wat al as blakers gedien het, een met gespes, die ander toegeryg; 'n ou, geroeste swaard seker uit die stadswapenkamer met stukkende greep en gebroke skede; sy perd opgesaal met 'n ou saal wat deur motte opgevreet is en onpaar stiebeuels het. Die perd het buitendien droes, is holrug gery, hy het 'n seer bek, hy het brandsiekte, is vol swelsels belemmer deur beenspat, verkleur deur geelsug, oor die muur met perdesiekte, duiselig van dronksiekte, opgevreet van papies, mank in die blad; sit sy verkeerde poot voor en boonop is hy nog siek ook! hy't 'n stukkende stang en 'n toom van skaapvel wat, omdat dit gebruik word om hom op te ruk as hy struikel, dikwels gebreek en weer aanmekaar geknoop is. Die buikgord is al seskeer gelas en die ferweel stertriem kom van 'n vrou se saal. Twee letters van haar naam is nog duidelik in koper spykers daarop gemerk! en die ding is hier en daar met seilgaring heulgemaak!

**BAPTISTA:** (GESKOK) Wie kom saam met hom?

**BIONDELLO:** O, meneer, sy lakei, presies net so uitgedos as die perd: Hy't 'n linneboordjie aan een been, 'n lang Kasjmierkous aan die ander en vir kousbande het hy rooi en blou lint aan. Hy het 'n ou hoed op waarop die woorde "Die luim van veertig fantasië" uitgedruk is pleks van 'n veer; hy is 'n monster, ja, werklik 'n monster in voorkoms - glad nie wat 'n heer se lakei behoort te wees nie!

**TRANIO:** Hy het alweer lus om die gek te skeer.  
Gewoonlik trek hy maar eenvoudig aan.

**BAPTISTA:** (GELATE) Ek is bly hy kom, al kom hy ook hōē.

BIONDELLO:/.....

BIONDELLO: Maar meneer, hý kom nie!

BAPTISTA: Het jy dan nie gesê hý kom nie?

BIONDELLO: Wie? Petruchio?

BAPTISTA: (ONGEDULDIG) Ja, dat Petruchio kom!

BIONDELLO: Nee meneer, ek 't gesê sy perd kom met hom.

BAPTISTA: (ONGEDULDIG) Maar dis mos een en dieselfde!

BIONDELLO: Nee, by sint Jamie  
ek wed jou 'n pennie  
'n perd en 'n man  
is meer as één  
maar nie veel meer nie!

:PETRUCHIO EN GRUMIO KOM IN:

PETRUCHIO: Kom, kom! Waar is die galante? Wie is tuis?

BAPTISTA: U is welkom, meneer.

PETRUCHIO: Tog kom ek nie wel nie, meneer.

BAPTISTA: Tog hink u nie!

TRANIO: (AFKEUREND) U is nie so goed gekleed soos ek kon wens  
nie!

PETRUCHIO: Was dit beter, sou ek net so vinnig gekom het!  
Maar waar is Kate? Waar is my skone bruid?  
Hoe gaan dit, vader? Menere, julle frons.  
En waarom staar die goeie mense so  
asof hulle 'n wonderlike monument  
of 'n komeet, of 'n wonderkind aanskou?

BAPTISTA:/.....

- BAPTISTA: (VERONTWAARDIG) Kyk, meneer, jy weet mos dis jou troudag:  
Eers was ons bedroef omdat jy nie kom nie,  
maar nou nog meer bedroef omdat jy so sleg lyk.  
Sies! Trek uit dié klere! dit onteer jou;  
jy's 'n doring in die oog hier by die fees!
- TRANIO: Vertel ons watse belangrike sake  
u nog al die tyd van u vrou weghou,  
en u nou sō onklaar hierheen stuur?
- PETRUCHIO: Vervelend om te vertel en te hoor;  
dis oorgenoeg dat ek my woord kom hou,  
al moes ek effens afwyk van my plan.  
As ek tyd kry, verklaar ek alles tot u bevrediging.  
Maar waar is Kate? Ek bly te lank van haar;  
dit word al laat; ons moet nou kerk toe gaan.
- TRANIO: Moenie jou bruid in sulke klere sien nie;  
kom na my kamer; trek van my klere aan.
- PETRUCHIO: O, nee, ek sal nie! Ek gaan sō na haar.
- BAPTISTA: (VERONTWAARDIG) Ek hoop jy trou nie sō met haar nie!
- PETRUCHIO: Wraggies, net sō! Hou tog nou op met praat.  
Sy trou met mý, nie met my klere nie!  
As ek kon herstel wat sý in mý sal slyt  
so maklik as wat ek my kan verklee  
sal dit vir Kate goed wees en beter vir myself;  
maar watter gek is ek om hier te praat  
as ek my bruid wil groet en die titel  
met 'n lekker soentjie seël.
- :PETRUCHIO, GRUMIO EN BIONDELLO GAAN UIT:

TRANIO:/.....

- TRANIO: Hy het 'n plan met daardie dolle drag!  
 Ons sal hom ompraat om beter aan te trek  
 voor hy gaan trou - as dit moontlik is!
- BAPTISTA: Ek gaan agterna. Ek wil sien wat aangaan!  
:BAPTISTA, GREMIO EN BEDIENDES GAAN UIT:
- LUCENTIO: Wel, Tranio?
- TRANIO: Wel, meneer, maar by haar liefde moet ons nog  
 haar vader se seën voeg. Om dít te verkry  
 moet ek, soos ek u edele reeds vertel het,  
 'n man kry - enigeen sal deug, wat hy ookal is -  
 ons sal hom sy rol leer en hý sal Vincentio  
 van Pisa wees en hier in Padua versekering gee  
 van groter bedrae as wat ék belowe het.  
 So sal u dan maklik u groot wens kry:  
 toestemming tot u huwelik met Bianca.
- LUCENTIO: Was dit nie dat my medeskoolmeester  
 vir Bianca so vasberade oppas nie,  
 sou dit goed wees om stilletjies te trou.  
 Al sê die ganse wêreld vir ons dan, nee!  
 hou ek myne as ons eers getroud is,  
 ten spyte van wat die hele wêreld sê!
- TRANIO: Dit sal ons later ondersoek  
 en ons kans met dié affêre waarneem.  
 Ons sal die grysaard Gremio nog fop;  
 ook die stip-nasnuffelende pa Minola,  
 en die snaakse, vryerige musikus Licio,  
 net ter wille van my baas, Lucentio....: GREMIO KOM WEER IN:  
 Meneer Gremio, kom u nou van die kerk af?

GREMIO:/.....

GREMIO: (BESLIS) Net so gewillig soos ooit van die skool af!

TRANIO: En kom die bruid en bruidegom nou aan?

GREMIO: (VERONTWAARDIG) 'n Bruidegom, sê u? 'n Staljong, hý!  
Hóm sal sy 'n knorrige bruidegom vind!

TRANIO: (VERBAAS) Meer verkeerd as sý? Maar dis onmoontlik!

GREMIO: Hý is 'n duiwel! 'n Regte bose gees!

TRANIO: Maar sý is ook 'n duiwel! Die duiwel se ma!

GREMIO: Ag, sý is 'n lam, 'n duif! Sý kom nie naby  
hóm nie! Ek sal u vertel, meneer: Toe die  
predikant vra of sy hóm wil trou,  
'Ja, wragtie!' sê hy en skel só hard  
dat die priester die Boek verbaasd laat val  
en toe hy buk om dit weer op te tel,  
gee die mal bruidegom hom so 'n klap  
dat prediker en Boek saam rol.  
'Die wat lus het, kan hulle nou optel!' sê hy.

TRANIO: Wat sê die meisie toe hy weer opstaan?

GREMIO: (DROOGWEG) Sý het geruk en gebewe, want hý stamp  
en vloek asof die predikant hom wou bedrieg!  
En na die plegtigheid vra hy wyn;  
"Gesondheid!" roep hy net soos 'n matroos  
wat na 'n storm met sy makkers fuif.  
Hy drink die muskadel toe uit en smyt  
die oorskot in die koster se gesig  
om geen ander rede as dat sy baard  
"yl" is en "hongerig" voorkom en lyk

asof/.....



asof dit na die oorskiet gevra het!  
 Dit gedaan, vat hy die bruid om haar nek  
 en gee haar so 'n harde klapsoen  
 dat die kerk glad weergalm toe hy wegtrek!  
 Toe ek dít sien, skaam ek my so dat ek  
 moes vlug. Ek weet die ander kom agterna.  
 Só 'n mal bruilof was nog nooit gewees nie!  
 Sjt! Luister! Ek hoor die musikante speel!

:PETRUCHIO, KATHARINA, BIANCA, BAPTISTA, HORTENSIO,  
 GRUMIO EN GEVOLG KOM IN:

PETRUCHIO: Here en vriende, ek dank u vir al u moeite;  
 ek weet julle verwag om saam met óns te eet,  
 en 'n groot feesmaal is voorberei,  
 maar dis nou so dat ek haastig is  
 en graag hier van julle wil afskeid neem.

BAPTISTA: (VERBAAS) Is dit moontlik dat jy nog vannag wil ry?

PETRUCHIO: Ek móét vandag, nog voor die nag kom, vertrek.  
 Moenie so verwonderd daaroor wees nie!  
 As u met mý besigheid bekend was,  
 sal ú my ook smee om tog te ry.  
 Nou, goeie vriende, bedank ek almal  
 wat gesien het hoe ek myself weggee  
 aan dié liewe, geduldige, deugsame vrou;  
 eet met my vader, drink ons gesondheid,  
 want ék moet weg. Tot siens, julle almal!

TRANIO: Ons soebat jou, bly tog net tot na ete.

PETRUCHIO: (BESLIS) Dit mag nie wees nie!

GREMIO:/.....

- GREMIO: Laat mý dan smeek!
- PETRUCHIO: (BESLIS) Dit kan nie wees nie.
- KATHARINA: Laat mý dan vra.
- PETRUCHIO: Ek is tevrede.
- KATHARINA: (VERHEUG) Bedoel jy om te bly?
- PETRUCHIO: Tevrede omdat jý my vra om te vertoef.  
Maar ek bly nie, al soebat jy ook hōē.
- KATHARINA: Bly as jy my liefhet!
- PETRUCHIO: (GEBIEDEND) Grumio, my perd!
- GRUMIO: Hulle's gereed, meneer. Die hawer het die perde opgevreet!
- KATHARINA: (BITSIG) Maak dan soos jý lekker kry!  
Ek gaan vandag volstrek nie saam met jōú nie!  
Ook nie mōre, of voordat ek wil gaan nie!  
Die deur is oop, meneer - dáár is jou pad;  
ry maar terwyl jou stewels nog kan hou!  
Ek self ry nie voordat ek wil ry nie.  
Jy sal maar 'n norske bruidegom wees  
as jy nou al sō tekere kan gaan!
- PETRUCHIO: Stil tog, Kate; moenie so kwaad wees nie.
- KATHARINA: (BOOS) Ek sal kwaad wees! Wat gaan dit jōú miskien  
aan? Vader, stil! Hy sal mý plesier afwag!

GREMIO:/.....

- GREMIO: Gedoriewaar, dit begin nou al te werk!
- KATHARINA: Menere, voorwaarts na die bruilofsfees!  
Ek sien 'n vrou kan vir die gek gehou word  
as sy nie die wilskrag het om te weerstaan nie!
- PETRUCHIO: Op jou bevel, Kate, sal hulle soontoe gaan;  
luister na die bruid, julle aanwesiges;  
gaan na die fees, drink 'n beker wyn uit  
tot haar gesondheid; wees vrolik, of loop  
hang julleselewers as julle so verkies. Maar wat  
my Kate betref, sy gaan saam met my....:KATE STAMP HAAR VOET:  
Nee, jy lyk verniet so kwaad en stamp en tier;  
ek sal baas speel oor wat my eie is!  
Sy's my goedere, my hawe, my huis,  
my meubels, my land, my skuur,  
my perd, my os, my esel, my enigiets!  
hier staan sy; raak net aan haar wie durf!  
Ek maak 'n hofsak teen die grootste man  
wat my in Padua wil keer. Grumio, trek jou swaard;  
ons is omring deur diewe, red jou meesteres  
as jy 'n man is! Moenie bang wees nie, soetlief;  
ek sal jou teen 'n miljoen mense beskerm.  
Aan jōú raak niemand nie!
- :PETRUCHIO, KATHARINA EN GRUMIO GAAN AF:
- BAPTISTA: (DROOGWEG) Laat hulle maar begaan. Hulle's 'n stille  
paar!
- GREMIO: Ek sal my morsdood gelag het as hulle nie geloop het nie!
- TRANIO: Daar was nog nooit 'n doller bruilof nie!
- LUCENTIO: Juffrou, wat dink ō van u suster?

BIANCA:/.....

- BIANCA: Dat, daar sy self mal is, sy mal getrou het!
- GRMIO: (LAGGIE) Dit kan ek hom waarborg: Petruchio is gekate!
- BAPTISTA: Vriende, al makeer die bruid en bruidegom, niks verder makeer vir die fees nie. Lucentio, vul jy die bruidegom se plek; laat Bianca haar suster se plek neem.
- TRANIO: Sal liewe Bianca nou oefen om bruid te speel?
- BAPTISTA: Sy sal, Lucentio! Kom, vriende, laat ons gaan!  
:ALMAL GAAN AF:

VIERDE BEDRYF

EERSTE TONEEL: VOORPORTAAL IN PETRUCHIO SE HUIS OP SY LANDGOED:  
 GRUMIO KOM IN:

- GRUMIO: Ga! Sies vir alle flou perde, alle dolle base en alle liederlike paaie! Was enige man al ooit s6 geslaan? Enige man al ooit s6 gekleed? Enige man nog ooit s6 moeg? Ek word vooruit gestuur om vuur te maak en hulle kom agterna om hulle te verwarm. Was ek nie 'n klein potjie en dus gou warm, kon my lippe teen my tande, my tong teen my verhemelte en my hart in my maag vas geys het voor ek by 'n vuur mag kom om te ontdooi! Maar ek word warm deur om die vuur te blaas; 'n langer man sal koue gevat het! Hallo! Haai! Curtis!
- CURTIS: (KOM IN) Wie roep so hard?
- GRUMIO: 'n Stuk ys! As jy dit nie glo nie, kan jy van my skouer tot by my haakskeen afgly en hoef jy nie verder te hardloop as van my kop na my nek toe nie! Maak tog gou vuur, Curtis.

CURTIS:/.....

- CURTIS: Kom my baas en sy vrou al aan, Grumio?
- GRUMIO: Derhalwe vuur. Moenie water opgooi nie.
- CURTIS: Is sy regtig so 'n kwaai rissie soos hulle sê?
- GRUMIO: Sy was, Curtis, vóór hierdie ryp; maar jy weet die winter maak man, vrou en dier mak. Dit het my ou baas, my nuwe meesteres en ook vir my getem, Curtis, my maat.
- CURTIS: Loop, jou drieduim dwaas! Ek is g'n bees nie!
- GRUMIO: Is ek maar drieduim lank? Jōú horings is 'n voet en ek is minstens sō lank! Sie jy nou vuur maak, of anders kla ek by ons nuwe meesteres en daar sý byderhand is, sal jy gou háár hand voel vir 'n koue troos omdat jy so stadig is met jou warme diens!
- CURTIS: Grumio, vertel my tog: Hoe gaan dit in die wêreld?
- GRUMIO: 'n Koue wêreld, Curtis, in elke amp buiten joune; maak dus vuur. Doen jou plig en doen dit goed, want my meester en meesteres is byna verkleum.
- CURTIS: Die vuur brand lankal. Vertel my die nuus, beste Grumio.
- GRUMIO: Dis 'haai, jong!' en 'hooi, jong!' en net soveel nuus as wat jy wil.
- CURTIS: (VERERG) Jy kan mens altyd lekker kry, né!
- GRUMIO: Daarom vuur, want ek het kwaai verkoue gekry! Waar is die kok? Is die aandete klaar? Die huis aankant? Die vloer met bloeisels bestrooi? Spinnerakke afgevee?

Die/.....

Die bediendes in hulle nuwe bombasyn klere en wit kouse? Elke bestuurder in sy bruijlofsklere? Is die knegte binne skoon, die meide buite skoon, tapyte neergelê en alles in orde?

CURTIS: Alles in die haak. Vertel tog die nuus!

GRUMIO: Eerstens, my perd is moeg en my baas en nooi het 'n uitval gehad.

CURTIS: (GESKOK) Hoe bedoel jy nou?

GRUMIO: Uit hulle saals, en daar skuil meer agter.

CURTIS: Vertel tog, man! Hoekom moet ek jou so soebat?

GRUMIO: Leen my jou oor.

CURTIS: (BUK NADER) Hier is dit.

GRUMIO: Dé! (KLAP CURTIS)

CURTIS: Dis 'n storie om te voel, nie te hoor nie!

GRUMIO: Daarom noem ons dit 'n gevoelvolle storie! Die klop was net bedoel om by jou oor aan te klop om jou aandag te trek! Nou begin ek: Ons kom by 'n lelike koppie. My baas ry agter my nôi.....

CURTIS: Wat! Al twee op dieselfde perd?

GRUMIO: Wat is die verskil?

CURTIS: (GEESTIG) Een perd!

GRUMIO:/.....

GRUMIO:

Toe, vertel jy dan die storie! As jy my nie in die rede geval het nie, sal jy gehoor het hoe haar perd geval het en sý onder die perd; jy sal gehoor het hoe 'n modderige plek dit was en hoe sy besmeer is; hoe hy haar net so laat lê het met die perd op haar; hoe hy my geslaan het omdat haar perd geval het; hoe sy deur die modder gesukkel het om hom van my af weg te trek; hoe hý gevloek het; hoe sý, wat nog nooit voorheen gesoebat het nie, tōé gesoebat het; hoe ék gehuil het; hoe die perde weggehol het; hoe haar toom gebreek en ek my stertriem verloor het; met baie meer wat werd is om te onthou maar wat nou in vergetelheid sal sterf en jy sonder die kennis in jou graf sal gaan omdat jy nie wou luister nie!

CURTIS:

Die slotsom is dat hý 'n kwaaiër feeks is as sý!

GRUMIO:

Ja, dit is hy, en dít sal die hoogmoedigste van julle nog ontdek as hy tuiskom! Maar hoekom praat ek nou hiervan? Roep vir Nathaniel, Josef, Niklaas, Flip, Wouter en Suikerprop en die res. Laat hulle hare glad gekam wees, hulle blou baadjies geborsel, en hulle kousbande onpaar. Laat hulle met die linkerbeen kniebuig en nie 'n haar van my baas se perd aanraak vóór hulle hul hande gesoen het nie. Is hulle gereed?

CURTIS:

Hulle is.

GRUMIO:

Roep hulle dan!

CURTIS:

(ROEP) Haai daar, hoor julle? Julle moet die baas ontmoet om my meesteres te steun.

GRUMIO:/.....

GRUMIO: Sy kan self steun.....

CURTIS: Wie weet dít nie?

GRUMIO: Seker jý, wat ander mense vra om vir haar te steun!

CURTIS: (VERERG) Ek roep hulle om hulp aan haar te verleen.

GRUMIO: Maar sy kom nie om iets van hulle te leen nie!

:VERSKEIE BEDIENDES KOM IN:

NATHANIEL: Welkom tuis, Grumio.

FLIP: En toe, Grumio?

JOSEF: Wel, Grumio?

NIKLAAS: Grumio, my ou maat!

GRUMIO: Welkom, jý - en toe, jý - en jý, ou maat;  
Dis genoeg gegroet. Nou, my deftige maats, is alles gereed?  
Alles netjies?

NATHANIEL: Alles is gereed. Hoe ver is ons baas?

GRUMIO: Baie naby; hulle kon al afgeklim het. Moenie nou.....  
alle genugtig, stilte! Ek hoor my baas!

:PETRUCHIO EN KATHARINA KOM IN:

PETRUCHIO: (KWAAD) Jou lae lak! Jou vuilgoed! Jou lummel!  
Het ek nie gesê ontmoet my in die park  
en bring dié skobbejakke saam met jou nie?

GRUMIO:/.....



GRUMIO: Meneer, Nathaniel se baadjie was nog onklaar, daar was geen kleursel vir Pieter se hoed nie en Wouter se dolk was nog nie heelgemaak nie. Net Adam, Jurie en Roelf was gereed, die res verflenter en armoedig. Maar hulle kom u verwelkom soos hulle is.

PETRUCHIO: Loop, skurke! Loop bring my aandete in.

:PARTY VAN DIE DIENSBODES GAAN UIT:

PETRUCHIO: (SING) "Waar is die lewe wat ek onlangs nog geniet het? Waar daardie"....sit, Kate, sit en welkom. (ROEP)  
Kos!...Kos!...Kos!

:BEDIENDES KOM TERUG MET AANDETE:

PETRUCHIO: Waarom as ek sê...nee, liewe Kate, wees vrolik.....

Wanneer kom my stewels af, vuilgoed?

(HY SING) "Die monnik was 'n Fransiskaner;  
toe loop hy weg na...." eina! eina, vuilis,  
Jy maak my voet seer! Vat dít! (KLAP HOM)  
en sorg dat jy die ander reg aftrek!

Wees vrolik, Kate...haai, bring vir ons water!

Waar's my patryshond Troilus? Kêrel, loop  
en sê my neef Ferdinand moet hierheen kom.

:BEDIENDE GAAN UIT:

Kate, jy moet hom soen en vriendelik wees.

Waar is my pantoffels? Kry ek nie water nie?

:HULLE BIED 'N KOM AAN:

Kom, Kate, kom was en hartelik welkom. :BEDIENDE LAAT KOM

VAL:

Verbrande vuilgoed! Sal jy dit weer doen? (KLAP HOM)

KATHARINA: Wees tog geduldig, man; dis nie aspres nie.

PETRUCHIO:/.....

PETRUCHIO: 'n Vuilgoed se keferkoppige flapoor skurk!  
 Kom, Kate, sit aan; ek weet jy's honger.  
 Sal jy dank, Kate, of sal ek dit doen?  
 (KRITIES) Wat is dit dié? Skaapvleis?

EERSTE  
 BEDIENDE: Ja, meneer.

PETRUCHIO: Wie het dit gebring?

EERSTE  
 BEDIENDE: Ek, meneer.

PETRUCHIO: (KWAAD) Dis verbrand en ál die ander vleis ook!  
 Watse honde is dít? Waar's die verpeste kok?  
 Hoe durf julle vuilgoed dit opdien  
 vir my, wat so 'n afkeur daaraan het?  
 Vat dit vir julle! Borde, koppies, alles!  
:HY GOOI VLEIS ENS. OP VERHOOG ROND:  
 Agtelose uilskuikens! Ongepoetste slawe!  
 Brom julle nog? Ek voeter die laaste een nou-nou!

KATHARINA: (VERSLAE) Ag, man, ek smeeek jou, moet tog nie so raas nie!  
 Die vleis is goed, as jy net tevrede was.

PETRUCHIO: Kate, ek sê jou, dit was houtskool verbrand!  
 En dít is ek ten sterkste verbied  
 want dit veroorsaak driftigheid en woede.  
 Beter vir ons al twee om te vas,  
 want self is ons kwaadaardig genoeg  
 om dit nog met gebrande vleis te voer!  
 Wees maar geduldig; môre kom dit reg.  
 Vannag sal ons twee maar saam vas.  
 Kom, ek bring jou na jou bruidskamer toe.  
:PETRUCHIO, KATHARINA EN CURTIS GAAN UIT:

NATHANIEL;/.....

- NATHANIEL: (GESKOK) Pieter, het jy al ooit sowat gesien?
- PIETER: (BEGRYPEND) Hy maak haar met haar eie humeur dood!  
:CURTIS KOM TERUG:
- GRUMIO: Waar is hy nou?
- CURTIS: In haar kamer  
en preek nou vir haar oor selfbeheersing  
en raas en vloek so dat die arme siel  
nie weet waar om te kyk of staan of praat nie;  
sy is soos een wat half bedwelmd is.  
Weg, julle, weg! Daar kom hy weer aan!  
:DIE BEDIENDES MAAK HULLE HAASTIG UIT DIE VOETE:  
PETRUCHIO STAP IN:
- PETRUCHIO: (LAGGEND; SELFVOLDAAN) My bestuur is met slim politiek  
begin en ek hoop om dit suksesvol te beëindig!  
My valk is nou gretig en taamlik honger  
maar voordat sy neerskiet, mag sy nie eet nie,  
want anders kyk sy nooit na haar lokaas nie!  
Daar's nog 'n manier om my wilde valk te tem:  
dis om haar te behandel soos dié valke  
wat tier en slaan, nie wil gehoorsaam nie.  
Vandag het sy nie geëet en sal nie eet nie;  
Sy't nooit gis'traand geslaap, vannag ook nie;  
soos met die vleis, vind ek onnodig fout  
met die manier waarop die bed opgemaak is!  
Hier smyt ek kussings, dáár die bulsak  
deken diékant, lakens oorkant.  
Ja, en temidde van die lawaai maak ek  
asof alles ter wille van háár  
gedoen word! Sý sal die heel nag sit!

As/.....

As sy miskien insluimer, sal ek raas  
 en haar met die lawaai wakker hou.  
 (LAGGIE) Dis nou om 'n vrou met goedheid te vermoor!  
 Maar so sal ek haar dol humeur en koppigheid bedwing.  
 As iemand meen hy het 'n beter plan  
 om 'n kwaai vrou te tem, laat hom praat!  
 Dit sou barmhartig wees om my te vertel!

:HY GAAN LAGGEND UIT:

TWEDE TONEEL: VOOR BAPTISTA SE HUIS

TRANIO EN HORTENSIO KOM IN.

TRANIO: Vriend Licio, kan dit wees dat juffrou Bianca  
 'n ander man as Lucentio wil hê?  
 Meneer, ek beweer dat sy baie van my hou!

HORTENSIO: Om te bewys dat ek die waarheid praat,  
 staan ons nou opsy en kyk hoe hy haar leer!

:DIE TWEË TREE OPSY: BIANCA EN LUCENTIO KOM IN:

LUCENTIO: Nou, juffrou, leer u iets uit wat u lees?

BIANCA: (KOKETTERIG) Wat lees jy, meester? Vertel my dít eers!

LUCENTIO: Ek lees wat ek leer: die kuns om te bemin.

BIANCA: (LAGGIE) Mog jy jou M.A. daarin behaal, meneer!

LUCENTIO: (TEER) En ú, liefeling, word meesteres van my hart!

:HULLE GAAN APART:

HORTENSIO: Maskas, hulle vorder vinnig! Sê nou weer  
 dat u nog sal sweer dat Bianca  
 niemand anders so lief het as vir jōú nie!

TRANIO:/.....

- TRANIO: O, kwaadwillige liefde! O, ontroue vrou!  
O, Licio, maar dis verskriklik!
- HORTENSIO: Moenie my sō noem nie. Ek is nie Licio  
nōg musikus soos ek voorgegee het nie,  
en ek verseg om langer sō vermom te gaan  
vir iemand wat 'n heer sal los  
om van 'n lakei so 'n afgod te maak.  
Jy kan maar weet mý naam is Hortensio!
- TRANIO: Meneer Hortensio, ek het baie gehoor  
van u heelhartige liefde vir Bianca.  
Mý oë is getuie van haar valsheid,  
dus sal ek, as u dit so begeer, met u  
vir ewig van haar liefde afsweer.
- HORTENSIO: (VIES) Kyk hoe soen en vry hulle! Lucentio,  
hier is my hand en hier sweer ek jou voor  
nooit vry êk weer na haar; ek sê haar af;  
sy is nie 'n enkele kompliment werd  
waarmee ek haar voorheen liefkosend gevlei het nie!
- TRANIO: En hier neem êk dieselfde ernstige eed  
om nooit met haar te trou nie, al vra sy my!  
Sies vir haar! Kyk net hoe vry sy met hom!
- HORTENSIO: (BITSIG) Ek wens almal buiten hý sê haar nou af!  
En om seker te maak dat ek mý eed hou,  
trou ek, voor drie dae om is, met 'n ryk weduwee.  
Sý bemin mý al net so lank soos ek dié trotse slet.  
En so vaarwel, meneer Lucentio; goedheid in vrouens  
en nie meer hul skoonheid sal êk voortaan bemin!  
So gaan ek vort, vasbeslote om te doen  
soos ek gesweer het.

:HORTENSIO GAAN WEG. LUCENTIO EN BIANCA KOM NADER:

TRANIO:/.....

- TRANIO: (GOEDIG) Juffrou Bianca, wees geseën met die guns wat aan 'n minnaar se geseënde toestand hoort! Nee, minsame liefeling, ek het jou betrap en saam met Hortensio jou nou afgesweer!
- BIANCA: (LAGGIE) Tranio, julle spot! Hét julle my afgesweer?
- TRANIO: (GLIMLAGGEND) Juffrou, ons hét!
- LUCENTIO: (MET VERLIGTING) Dan is ons van Licio ontslae!
- TRANIO: Hý vat 'n onbeskaamde weduvrou wat hy in een dag klaar kan vry en trou.
- BIANCA: (ERNSTIG) God seën hom!
- TRANIO: Ja, en hy sal háár mak maak!
- BIANCA: Sê hý so, Tranio?
- TRANIO: Regtig! Hy het na die temmingskool gegaan!
- BIANCA: Die temmingskool! Is daar dan so 'n plek?
- TRANIO: Ja, juffrou, en Petruchio is die meester en hý leer kunsies elf by twintig lank om 'n rissie te tem en haar tong te snoer.
- :BIONDELLO KOM INGEHARDLOOP:
- BIONDELLO: Baas, baas! Ek het sō lank gesoek dat ek doodmoeg is, maar oplaas het ek 'n ou engel wat sal deug, die bult sien afkom.
- TRANIO: Wat is hy, Biondello?

BIONDELLO:/.....

BIONDELLO: 'n Winkelier of skoolmeester, meneer,  
ek weet nie wat nie; sy drag is formeel  
en in houding en voorkoms is hy presies 'n vader.

LUCENTIO: Maar wat van hóm, Tranio?

TRANIO: As hy liggelowig is en my storie glo,  
sal hy bly wees om Vincentio te speel  
en om Baptista Minola versekering te gee  
asof hy werklik Vincentio is. Neem u beminde  
na binne. Ek wil alleen hier met hom wees.

:LUCENTIO EN BIANCA GAAN WEG:

:'N (SKOOLMEESTER (PEDANT) KOM IN:

PEDANT: Goeiendag, meneer.

TRANIO: Ook so, meneer. U is welkom.  
Gaan u nog verder, of is u op die end?

PEDANT: Op die end, vir 'n week of twee,  
dan gaan ek verder, tot by Rome,  
en so na Tripoli as ek die lewe hou.

TRANIO: Watter landsman is u?

PEDANT: Van Mantua.

TRANIO: (KAMMA GESKOK) Van Mantua! Liewe land!  
U verkeer in lewensgevaar en weet dit nie!

PEDANT: (VERBAAS) Ek in lewensgevaar! Hoe kan dit wees?  
Dis hard!

TRANIO: Dit kos die dood vir iemand om uit Mantua  
na Padua te kom! Weet u dit nie?

Dis oor 'n private rusie tussen óns hertog  
 en júlle hertog. Nou lê jul skepe in Venisië vas  
 - dis geproklameer- eienaardig dat u niks daarvan weet nie!  
 Seker omdat u nou net aangekom het, anders moes u  
 lankal daarvan gehoor het!

- PEDANT:           Helaas, meneer, dis nie die ergste nie!  
 Ek het wisselbriewe saamgebring uit Florence  
 wat ek hier moet wissel.
- TRANIO:           Wel, meneer, om u 'n guns te bewys sal ek u help.  
 Maar sê my eers: Was u ooit in Pisa?
- PEDANT:           Ja, meneer. Ek was dikwels in Pisa met haar waardige  
 burgers.
- TRANIO:           Ken u ene Vincentio onder hulle?
- PEDANT:           Ek ken hom nie maar het van hom gehoor.  
 Hy is 'n handelaar, onvergelyklik ryk.
- TRANIO:           Hy is my vader, meneer. Ek moet sê  
 dat hy verbasend sterk na ú trek.
- BIONDELLO:       (TERSY) Net soveel soos 'n appel na 'n oester; een en  
 dieselfde!
- TRANIO:           Om ú lewe te red, sal ek, ter wille van hóm, u dié guns  
 bewys. En dink nie dis die ergste van u moeilikhede dat  
 u na sir Vincentio trek nie. U sal sý naam en aansien  
 nou aanvaar; in my huis sal u vriendelik ontvang word;  
 sorg net dat u u daar reg gedra. U verstaan my, meneer;  
 daar sal u woon tot u sake hier afgehandel is.  
 As u met dié voorstel tevrede is,  
 is u welkom om daarvan gebruik te maak.

PEDANT:/.....



PEDANT: (ERNSTIG) Sekerlik, meneer. Ek sal altyd sê dat ú my lewe en vryheid bewaar het.

TRANIO: Kom dan saam om die saak te beklink.  
Terloops, my vader word enige dag in die stad verwag om versekering te gee van die bruidskat wat ek belowe het in die huwelik tussen my en die dogter van ene Baptista hier. Maar van ál die dinge sal ek u vertel. Kom nou saam met my om u paslik te beklee.

:HULLE GAAN AF:

DERDE TONEEL

:KATHARINA EN GRUMIO KOM IN:

GRUMIO: Nee, nee! Om die dood nie! Ek durf dit nie waag nie!

KATHARINA: (VERBITTERD) Hoe groter mý onreg, hoe kwaaiër hý!  
Is ons getroud net om mý te verhonger?  
Bedelaars wat na my vader se deur kom,  
kry dadelik aalmoes as hulle dit vra,  
of ontvang elders liefdesgawes.  
Maar ék, wat nooit geweet het om te smeeek nie,  
ék is uitgehonger, dronk van slaaploosheid;  
vloeke hou my wakker, lawaai voed my!  
Maar wat vir mý die allerergste is,  
dat hy alles in die naam van liefde doen,  
asof hy meen dat, as ek slaap of eet,  
ek dodelik siek sal word en onmiddelik sterf.  
Ek soebat jou, gaan haal tog vir my kos!

GRUMIO:/.....

- GRUMIO: Wat van 'n beespootjie?
- KATHARINA: Dis baie lekker. Laat my dit tog kry.
- GRUMIO: Ek vrees daardie vleis is te galagtig.  
Wat sê u van 'n lekker bord afval?
- KATHARINA: Ek hou daarvan. Ag, Grumio, bring dit tog!
- GRUMIO: Ek weet nie. Ek vrees dis ook galagtig.  
Wat sê u van beesvleis en mosterd?
- KATHARINA: Dis nou iets wat ek regtig geniet.
- GRUMIO: Ja, maar die mosterd is effens te warm!
- KATHARINA: Bring dan die beesvleis en laat die mosterd bly.
- GRUMIO: Dit doen ek nie. Die mosterd móët daarby,  
of anders geen beesvleis van Grumio.
- KATHARINA: (PLEITEND) Dan al twee, of enigiets, net soos jy wil.
- GRUMIO: Nouja, dan die mosterd sonder die vleis!
- KATHARINA: (KWAAD) Gee pad voor my ,jou valse, bedrieglike slaaf!  
(KLAP HOM) Wat my met die naam alleen van vleis wil voed!  
Mog ellende die hele spul van julle tref,  
omdat almal so in my ellende seëvier!  
Toe, trap! Gee pad hier, sê ek!
- :PETRUCHIO KOM IN MET 'N BORDVOL VLEIS EN HORTENSIO:

PETRUCHIO:/.....

- PETRUCHIO: Hoe gaan dit, liefeling? Wat, Kate? Sō bedruk?
- HORTENSIO: Hoe gaan dit, mevrou?
- KATHARINA: (KORTAF) So sleg as kan wees!
- PETRUCHIO: (OPGERUIM) Hou moed skat, wees opgeruim vir my.  
Hier, liefste; kyk net hoe fluks is ék  
om self jou vleis gaar te maak en te bring.  
Ek is seker dié goedheid verdien dank.  
Wat? Nie 'n woord nie? Jy wil dit dan nie hê nie!  
Al my moeite verniet!....Hier...vat die gereg weg!
- KATHARINA: Laat dit tog bly!
- PETRUCHIO: (STRENG) Die geringste diens word met dank beloon  
en myne ook, voor jy aan dié dis raak!
- KATHARINA: (STYF) Ek dank u, meneer.
- HORTENSIO: Foei, Petruchio, dis alles jōú skuld!  
Kom, mevrou Kate; ek sal jou geselskap hou.
- PETRUCHIO: (TERSY) Eet alles op, Hortensio, as jy my liefhet  
en mog dit aan jou tere hart goeddoen!  
Kate, maak gou klaar....(POUSE) en nou, my liefste ding,  
ons gaan na jou vaders huis terug  
om saam met die beste pret te maak,  
in sybaadjies, pette, goue ringe uitgedos;  
geplooid krale, mouboordjies, hoepelrokke,  
serpe, waaiers, 'n dubbele uitrusting;  
amber armbande, krale en wat nog meer.  
Is jy klaar, Kate? Die kleremaker wag op jou  
om jou liggaam met sy geplooid skatte te bedek.  
:KLEREMAKER KOM IN:

Kom/.....

Kom, kleremaker; laat ons die mooi goed sien.  
Lê die rok oop neer. :WINKELIER KOM IN: Wel,  
wat nuuts het jý?

WINKELIER: Hier is die mus wat u edelheid bestel het.

PETRUCHIO: (SPOTTEND) Maar dis dan op 'n kommetjie gegiet!  
'n Ferweel skottel! Sies, dis liederlik!  
'n Bakatel! Speelgoed! 'n baba se mus!  
Weg daarmee en bring vir my 'n groter een!

KATHARINA: Ek wil dit nie groter hê nie! Dis die mode;  
edelvrouens dra nou sulke musse.

PETRUCHIO: Wanneer jý edel is, kry jý ook een,  
maar nie eerder nie!

HORTENSIO: (TERSY) En dít sal nie gou wees nie!

KATHARINA: Meneer, ek hoop dat ek die reg het om te praat  
en ek sál praat Ek is g'n kind, g'n baba;  
jou meerderes moes al na my luister  
as ek ronduit sê net wat ek dink;  
as jý nie kan nie, maak dan jou ore toe!  
My tong sal nou die ergernis van my hart uitspreek  
want as ek swyg, breek my hart. Liewers dan dat dit  
gebeur, sal ek nou vrymoediglik sê net wat ek wil.....

PETRUCHIO: Ja, dis die waarheid; dis 'n lelike mus -  
'n vla-pastei, 'n nietigheid, 'n sybak.  
Ek bemin jou omdat jý dit ook verfoei.

KATHARINA: (VERERG) Bemin my of bemin my nie, die mus is mooi.  
Ek wil dit hê of glad nie 'n mus hê nie!  
:WINKELIER GAAN UIT:

PETRUCHIO:/.....

**PETRUCHIO:** Nou jou tabberd. Kom, kleremaker, laat ons dit sien....  
 (VERONTWAARDIG) O, genade! Watse soort goed is dít?  
 en dít? (HOU NOU OP) 'n Mou? Dis soos 'n klein kannon!  
 en op en af gekerf soos 'n appeltert!  
 Hier's snip en snee en sny en hap  
 soos 'n wierookvat in 'n barbier se winkel!  
 Kleremaker, wat de duiwel noem jy dít?

**HORTENSIO:** (TERSY) Dit kom mý voor sy kry nóg mus, nóg tabberd!

**KLEREMAKER:** U het gesê ek moet dit goed en mooi maak,  
 volgens die mode en die jaargety.

**PETRUCHIO:** (VERERG) Kragtie, ek het, maar jy onthou seker ook  
 dat ek nie gesê het breek dit na die mode nie!  
 Loop! Spring oor elke hondehok huis toe,  
 want jy trap sonder mý klandisie, meneer!  
 Vat dit en loop! Maak wat jy wil daarmee!

**KATHARINA:** Ek het nog nooit 'n mooier rok gesien nie,  
 meer bevredigend, bekoorliker of lofliik nie!  
 Dit lyk asof jy 'n marionet van my wil maak!

**PETRUCHIO:** Ja waarlik, hy wil 'n speelpop van jou maak.

**KLEREMAKER:** (MOEDIG) Sy sê U Edele maak 'n marionet van haar!

**PETRUCHIO:** (VERONTWAARDIG) O! Onhebbelike opgeblasenheid!  
 Jy lieg dit, jou draad, jou vingerhoed, jou jaarts,  
 jou driekwart, halfjaart, kwartjaart, naald!  
 Jou vlooi, jou nul, jou winterkriek, ja jý!  
 In my eie huis met 'n string garingdraad uitgetart!  
 Loop! jou lap, jou oorskietlappie,  
 of ek meet jou met jou eie maatstok!  
 Dán sal jy nie meer dink om te babbel 'wyl jy leef nie!

KLEREMAKER:/.....

- KLEREMAKER: (MOEDIG) U Edele is verkeerd! Dis gemaak net soos my baas beveel is om dit te maak. Grumio het gesê presies hoe dit moet wees!
- GRUMIO: Ek het geen bevel gegee nie, net die goed!
- KLEREMAKER: Maar hoe het jy gesê moet ons dit maak?
- GRUMIO: Maggies, met naald en garing!
- KLEREMAKER: Het jy nie gesê ons moet dit sny nie?
- GRUMIO: (PARMANTIG) Moenie mý staan en uittart nie! Ek sê vir jou ek het jou baas gebied om dit te sny, maar nie om dit te versnipper nie, dus lieg jy!
- KLEREMAKER: (KWAAD) Kyk, hier is die aantekeninge van die mode om dit te bewys!
- PETRUCHIO: (GEBIEDEND) Lees dit!
- KLEREMAKER: (LEES) Eerstens 'n rok wat lossies pas.....
- GRUMIO: Meneer! As ek ooit, lossies-pas-rok' gesê het kan jy my in die romp daarvan toewerk en my met 'n stuk rugaring doodslaan! Ek het gesê 'n tabberd!
- PETRUCHIO: Gaan aan!
- KLEREMAKER: Met 'n nousluitende mantel.....
- GRUMIO: Ek erken die mantel.

KLEREMAKER:/.....

- KLEREMAKER: Met 'n wye mou.....
- GRUMIO: Ek erken twee moue.
- KLEREMAKER: Met die moue kunstig gesny.....
- PETRUCHIO: A! Dáár is die neukery!
- GRUMIO: (BENOUD) Die rekening is verkeerd, meneer! Die rekening is verkeerd! Ek het gesê die moue moet gesny en weer toegewerk word, en dít sal ek op jǒú bewys, al is jou pinkie met 'n vingerhoed bewapen!
- KLEREMAKER: (VERERG) Wat ék sê is die waarheid en ek wens ek het jǒú op 'n plek waar ek dit op jǒú kan bewys!
- GRUMIO: Ons kan dit nǒú uitspook! Vat jý jou rekening, gee my jou maatstok en spaar my nie!
- HORTENSIO: (GOEDIG) Vaderland, Grumio, watter kans het hy teen jǒú?
- PETRUCHIO: Wel, meneer, kortom, die rok is nie vir mý nie.
- GRUMIO: Dis waar, meneer! Dis vir my meesteres bedoel!
- PETRUCHIO: Vat dit weg! Jou baas kan dit gebruik.  
(TERSY) Hortensio, sê dat jý hom sal betaal.  
Toe! Loop! Vat dit weg! Moenie nog praat nie!
- HORTENSIO: (VRIENDELIK) Kleremaker, steur jou nie aan sy drif nie.  
Loop nou. Mǒre betaal ek alles.  
Beveel my by jou baas aan.

:KLEREMAKER GAAN UIT:

PETRUCHIO:/.....

- PETRUCHIO: (LIEFHEBBEND) Kom, my Kate, ons gaan nou na jou vader net so, in ons eenvoudige kleding. Ons beurse sal trots wees, maar ons klere armoedig, want dis die verstand wat die liggaam verryk.
- (LIRIES) Soos die son deur die donkerste wolke breek, sō wys eerbaarheid deur die slegste kleed. Is die loerie beter as die lewerkie omdat sy vere soveel mooier is? Of is die adder beter as die paling omdat sy geverfde vel die oog behaag? O, nee, liefste Kate; jý is ook niks armer deur dié eenvoudige kleding nie. As jy jou daaroor skaam, blameer mý daarvoor. Wees nou vrolik; ons vertrek dadelik om daar by jou vaders huis fees te vier.
- :HY WEND HOM TOT DIE BEDIENDES:
- Loop roep my knegte; laat ons terstond ry. Bring ons perde na die end van Langelaan; ons stap te voet daarheen en klim daar op. Wag - laat ek kyk...dis nou omtrent sewe-uur. Ons kan maklik om twaalfuur daar aankom.
- KATHARINA: Meneer, ek verseker u dis al amper twee-uur; ons kom nie voor die aandete daar aan nie!
- PETRUCHIO: (VERERG) Voordat êk 'n perd opklim sal dit sewe-uur wees! Genugtig! Wat ek ookal sê of doen of nog wil doen, jy stry nog altyd deur! Menere, bly maar; ek ry nie vandag nie, en vóór ek ry sal dit presies so laat wees soos êk sê!
- HORTENSIO: (GEAMUSEERD) O, sō! Dié galant wil die son ook nou gebied!



VIERDE TONEEL

PADUA. VOOR BAPTISTA SE HUIS.

:TRANIO KOM IN MET DIE PEDANT, SOOS VINCENTIO GEKLEED:

- TRANIO: Meneer, dit is die huis. Sal ons hier aangaan?
- PEDANT: Waarom nie? Maar as ek my nie misgis nie, sal meneer Baptista my nog onthou. Amper twintig jaar gelede in Genoa was ons saam loseerders by die Pegasus.
- TRANIO: Dis goed; gedra jou net in alles met manhaftigheid en met die strengheid paslik by 'n vader.
- PEDANT: Dit belowe ek. (BIONDELLO KOM IN) Maar meneer, hier is jou kneg. Dis raadsaam om hom eers voor te sê.
- TRANIO: Moenie vir hom bang wees nie. Biondello, verbeel jou dis meneer Vincentio self. Ek raai jou aan om jou plig deeglik te doen.
- BIONDELLO: Ag, julle's onnodig vir my bang!
- TRANIO: Het jy die boodskap aan meneer Baptista gegee?
- BIONDELLO: Dat u vader in Venisieë is en dat u hom vandag in Padua verwag.
- TRANIO: Jy's fluks, kêrel! Dé...vat dit vir 'n sopie..... Hier kom Baptista! Ruk jou reg, meneer.
- :BAPTISTA EN LUCENTIO KOM IN:  
Meneer Baptista, u is net welkom.  
(AAN DIE PEDANT) Vader, hier is die man van wie ek u vertel het.

Ek/.....

Ek smeek u, wees nou 'n goeie vader;  
Gee my Bianca vir my vaderlike erfdeel.

**PEDANT:** (WAARDIG) Stil, seun!  
Meneer, met u permissie: Hierheen gekom om skulde  
in te vorder, vertel my seun my dat hy  
en u dogter mekaar lief het.  
Wel, na die goeie verslag wat ek van ú hoor  
en die liefde wat hy vir u dogter het,  
is ek tevrede dat hy onder 'n goeie vader se sorg trou.  
Hou hom nie te lank op nie. As óns kan ooreenkom  
omtrent die huwelikskontrak, is my toestemming gereed  
vir die bruilof. Ek is nie nuuskierig omtrent ú nie,  
van wie ek net goed hoor, meneer Baptista.

**BAPTISTA:** (SAAKLIK) Meneer, verskoon tog wat ek nou moet sê:  
u rondborstigheid en bondigheid geval my.  
Dis waar dat u seun Lucentio hier  
my dogter bemin. Sy het hom ook lief,  
of anders is al twee geveinsde bedrieërs!  
Dus, as u net die versekering gee  
dat u hom as 'n vader behandel,  
en my dogter 'n goeie bruidskat gee,  
is die huwelik gereël en alles in orde;  
u seun kry my dogter met my toestemming.

**TRANIO:** Dankie, meneer. Waar is die beste plek  
waar ons verloof kan word en ons akkoord,  
ons ooreenkoms, vir goed onderteken kan word?

**BAPTISTA:** Nie in my huis nie, Lucentio, want u weet  
dat kruike ore het. Ek het baie knegte en  
ou Gremio luister buitendien.  
Heelwaarskynlik hinder hulle ons.

TRANIO:/.....

- TRANIO: By my losieshuis dan, as u wil, meneer?  
My vader is daar tuis en daar sal ons  
die saak vanaand privaat kan afhandel.  
Laat die bediende u dogter bring;  
my kneg sal die notaris aanstons gaan haal.  
Die ergste is dat, op sulke kort kennisgewing,  
Die onthaal maar skraal sal wees, meneer.
- BAPTISTA: Dit pas my goed. Kambio, loop sê  
Bianca moet haar dadelik klaarmaak.  
Vertel haar wat gebeur het as jy wil:  
Lucentio se vader is in Padua  
en dit lyk asof sy met Lucentio sal trou.
- LUCENTIO: (HEELHARTIG) Ek bid die gode dat dit sō mag wees!
- TRANIO: Moenie nog met die gode talm nie! Loop! :LUCENTIO GAAN APART:  
Meneer Baptista, sal ons maar vooruit gaan?  
Welkom! Ons kan net een ete aanbied,  
maar dít sal ons in Pisa verbeter.
- BAPTISTA: Ek volg u.....  
:TRANIO, BAPTISTA EN PEDANT GAAN AF:
- BIONDELLO: (DRINGEND) Kambio!
- LUCENTIO: (KOM VORENTOE) Wat is dit, Biondello?
- BIONDELLO: U het gesien hoe my baas knipoog en lag?
- LUCENTIO: Wat daarvan, Biondello?
- BIONDELLO: Nee, niks! Maar hy het mý agtergelaat om  
die betekenis van sy seine en gebare te verklaar.

LUCENTIO:/.....

- LUCENTIO: (ONGEDULDIG) Nou toe, verklaar dit dan!
- BIONDELLO: Wel, Baptista is nou uit die pad!  
Hý gesels met die valse vader van 'n valse seun.
- LUCENTIO: Wel, wat van hóm?
- BIONDELLO: U moet sy dogter na die aandete bring.
- LUCENTIO: En dan?
- BIONDELLO: Die ou priester by Sint Lukas se kerk is altyd tot u diens.
- LUCENTIO: (NUUSKIERIG) Maar wat dáárvan?
- BIONDELLO: (SKOUEROPHALEND) Ek weet nie, maar dink: Hulle is drukbesig met 'n valse versekering, maar ú neem die versekering van hãár, "cum privilegio ad impremendum solum" na die kerk. Neem die priester, die koster en genoeg eerbare getuies saam; as dít nie is wat u verlang nie, het êk niks meer te sê as om vir ewig en 'n dag aan Bianca vaarwel te sê nie. :HY BEGIN WEGSTAP:
- LUCENTIO: Wag, Biondello! Kan jy hoor?
- BIONDELLO: Ek kan nie talm nie. Ek weet van 'n meisie wat getroud is op 'n namiddag toe sy na die tuin gegaan het vir Pietersielie om 'n haas te stop. So kan ú, meneer, en so totsiens, meneer. My baas het my gebied om na Sint Lukas se kerk te gaan om die priester aan te sê om gereed te wees as u met u aanhangsel daar aankom!  
:H? GAAN AF:

LUCENTIO:/.....

LUCENTIO: (OPGEWONDE) Ek mag en wil, as sý gewillig is!  
 Sý sal bly wees - waarom twyfel ék dan?  
 Laat kom wat wil; ek sal maar gaan soebat.  
 Dit sal swaar gaan as Kambio haar nie kry nie!

VYFDE TONEEL

:PETRUCHIO, KATHARINA EN HORTENSIO KOM IN:

PETRUCHIO: (ONGEDULDIG) Om hemelsnaam, kom aan; verder na ons vader.  
 (LIRIES) Vadertjie, hoe helder skyn die maan tog!

KATHARINA: (VERBAAS) Die maan? Dis nie nou maanlig nie! Dis die son!

PETRUCHIO: Ek sê dis die maan wat so helder skyn!

KATHARINA: Ek weet dis die son wat so helder skyn!

PETRUCHIO: Nou, by my moeder se seun, en dis ék,  
 dit sal maan of ster wees, net wat ék wil,  
 eer ek verder na jou vaders huis reis!  
 (AAN BEDIENDE) Loop, vat die perde terug na die stal toe!  
 (VIES) Ewig en altyd 'n stryery! Stry, stry, net stry!

HORTENSIO: Sê tog soos hý sê, anders ry ons nooit nie!

KATHARINA: Laat ons tog ry daar ons al so ver gekom het,  
 en laat dit maan of son wees, net wat jý wil!  
 As jy dit 'n vetkers wil noem,  
 ek sweer dit sal voortaan so wees vir my!

PETRUCHIO: Ek sê dis die maan!

KATHARINA: Ek weet dis die maan!

PETRUCHIO:/.....

- PETRUCHIO: Nee, dan lieg jy! Dis die geseënde son!
- KATHARINA: Dan, Vader sy geprese, dis die geseënde son!  
 Son is dit nie, as jy sê dit is nie,  
 en die maan verander net na jōu wil!  
 Wat jy dit wil noem, so is dit,  
 en so sal dit voortaan vir Katharina wees!
- HORTENSIO: Toe maar, Petruchio, die oorlog is verby!
- PETRUCHIO: (OPGERUIM) Wel, voorwaarts, voorwaarts! So moet  
 die bal rol, nie altyd ongelukkig teen die opdraand nie.  
 Maar wag eers - watter mense kom daar aan?  
 :VINCENTIO IN REISKLERE KOM IN: (AAN VINCENTIO)  
 Goeiemôre, dame, waarheen reis u?  
 Kate, sê vir my en vertel die waarheid:  
 het jy al ooit 'n mooier jonkvrou gesien?  
 (LIRIES) Hoe steek die wit vel af teen haar rooi wange!  
 Watter sterre in die hemel skyn soos dié twee  
 op dié hemelse gelaat pas?  
 Fraai, mooi meisie, nogmaals groet ek u!  
 Liewe Kate, soen haar, want sy is mooi!
- HORTENSIO: (VERERG) Jy vererg die man net om 'n vrou van hom te maak!
- KATHARINA: (ONNUTSIG) Jong, ontluikende maagd, fraai en fris en lief,  
 waar gaan u heen, of waar is dan u huis?  
 Gelukkige ouers van so 'n lieflike kind!  
 Gelukkiger man aan wie gunstige sterre  
 u toeken vir sy bedgenoot!
- PETRUCHIO: (KAMMA VERBAAS) Hoe dan nou, Kate? Ek hoop jy is nie  
 mal nie! Dis 'n man, oud, gerimpel, verlep, gedaan  
 en nie 'n meisie soos jy sê hy is nie!

KATHARINA :/.....

- KATHARINA:** (ONNUTSIG) Ou vader, verskoon my slegte oë wat so totaal verblind is deur die son dat alles wat ek aankyk nou net groen lyk; nou sien ek u is 'n eerwaardige vader; verskoon tog my verspotte vergissing.
- PETRUCHIO:** Ja, ekskuus, goeie Oupa en vertel ons waarheen u ry. As u ook óns pad gaan sal u geselskap ons verheug.
- VINCENTIO:** (STATIG) Meneer, en ú, grappige dame, wat my met jul koddige begroeting verstom het, my naam is Vincentio van Pisa; ek gaan na Padua om daar te kuier by my seun, wat ek lanklaas gesien het.
- PETRUCHIO:** Hoe is sy naam?
- VINCENTIO:** Lucentio, meneer.
- PETRUCHIO:** Gelukkige ontmoeting! Ter wille van u seun mag ek u wettig sowel as vir u jare my liewe vader noem.  
Die suster van my vrou, dié dame hier, is seker al met u seun getroud. Moet nie verwonder of daaroor gegrief wees nie; sy is hoog geag en haar bruidskat groot; familie goed, en buitendien bekwaam om vrou te wees vir 'n edelman.  
Laat my toe om u met 'n kus te groet.....(SOEN VINCENTIO OP VANG).  
Dan gaan ons verder om u seun te sien, wat oor u besoek verheug sal wees.

VINCENTIO:/.....

VINCENTIO: Is dit waar, of is dit weer 'n grap  
wat julle vrolike reisigers maak  
met die geselskap wat julle raakloop?

HORTENSIO: Vader, ek verseker u dit is so.

PETRUCHIO: Kom saam met ons. Kyk self hoe waar dit is.  
Ons verspotte grap maak u nou twyfelagtig.

:ALMAL GAAN AF BUITEN HORTENSIO:

HORTENSIO: Wel, Petruchio, dit gee my moed! Nou na my weduwee;  
as sy kwaai is, het jy Hortensio geleer hoe om baas  
te wees!

VYFDE BEDRYF

1ste TONEEL.

:PADUA, VOOR LUCENTIO SE HUIS:

:GREMIO KOM SO VERLANGS AGTER BIONDELLO, LUCENTIO EN  
BIANCA IN:

BIONDELLO: Vinnig en suutjies, meneer; die priester wag.

LUCENTIO: Ek vlieg, Biondello. Maar dalk het hulle jou  
by die huis nodig; jy moet liever loop.

BIONDELLO: Nee, wraggies, ek sien u eers veilig by die kerk in,  
dan kom ek so vinnig as ek kan na my baas terug.

:LUCENTIO, BIANCA EN BIONDELLO GAAN AF:

GREMIO: Dis snaaks dat Kambio nog nie uitkom nie!

:PETRUCHIO, KATHARINA, VINCENTIO EN BEDIENDES KOM IN:

PETRUCHIO:/.....



- PETRUCHIO: Meneer, dis die deur van Lucentio se huis.  
Mý vader woon meer na die mark se kant toe.  
Ons moet daarheen, dus groet ons u nou, meneer.
- VINCENTIO: (GASVRY) Maar u moet eers iets drink voor u vortgaan.  
Ek meen ek mag u hier welkom heet;  
daar sal seker darem iets wees om te nuttig. :HY KLOP AAN:
- GREMIO: Hulle's binne besig. Klop maar harder!  
:VINCENTIO KLOP. DIE PEDANT KYK BY VENSTER UIT:
- PEDANT: (STRENG) Wie klop asof hy die deur wil inbreek?
- VINCENTIO: Is meneer Lucentio tuis, meneer?
- PEDANT: Hy is tuis maar u kan hom nie nou spreek nie.
- VINCENTIO: En as iemand hom 'n honderd pond of so bring om mee fees te vier?
- PEDANT: Hou maar jou honderd pond. Solank ék leef het hy dit nie nodig nie!
- PETRUCHIO: Sien u nou, meneer? Ek het mos gesê u seun is in Padua geëerd! Maar om dié lawwigheid uit te los (HY VERHEF SY STEM) Sê vir meneer Lucentio dat sy pa van Pisa gekom het en nou hier wag om met hom te praat.
- PEDANT: Jy lieg! Sy vader hê uit Pisa gekom en kyk nou deur dié venster!
- VINCENTIO: (VERSLAE) Is ú sy vader?

PEDANT:/.....

- PEDANT: Ja, meneer; só sê sy moeder, as ek haar mag glo!
- PETRUCHIO: (AAN VINCENTIO) Hoe nou, meneer? Dis absolute bedrieëry om 'n ander man se naam vir ú te eien!
- PEDANT: (DRIFTIG) Laat die skelm vang! Hy wil seker iemand in dié stad in my naam bedrieg!
- BIONDELLO: (KOM TERUG) Ek het hulle na die kerk geneem. Mog die Here nou verder vir hulle sorg. (GESKOK) Maar wie is hier? My eie baas, Vincentio!  
Nou is die gort gaar! Nou is ons totaal vernietig!
- VINCENTIO: (SIEN VIR BIONDELLO) Kom hier, jý!
- BIONDELLO: Ek hoop ek is vry om te maak soos ek wil, meneer?
- VINCENTIO: (VERERG) Kom hier, vabond! Wat! Het jy my vergeet?
- BIONDELLO: Vergeet? Nee, meneer; hoe kan ek u vergeet het as ek u nooit tevore in my lewe gesien het nie?
- VINCENTIO: (KWAAD) Wat, jou berugte ondeug! Het jy nog nooit jou baas se vader Vincentio gesien nie?
- BAPTISTIA
- BIONDELLO: My geëerde ou meester? Ja wragtie, ek ken hóm! Daar kyk hy dan nou by die venster uit!
- VINCENTIO
- VINCENTIO: (BAIE KWAAD) Is dit inderdaad so! :HY SLAAN BIONDELLO:
- BIONDELLO: (SKREE) Help! Help! Hier is 'n kranksinnige wat my wil vermoor!  
:HY HARDLOOP WEG:
- PEDANT: (ROEP) Help, seun! Meneer Baptista, help!  
:TREE TERUG VAN VENSTER:
- PETRUCHIO:/.....

- PETRUCHIO: Wag, Kate; laat ons opsy staan om eers die end van die affêre te sien. :HULLE GAAN EENKANT STAAN:  
:ONDER KOM PEDANT, TRANIO, BAPTISTA EN BEDIENDES UIT:
- TRANIO: (STRENG) Meneer, wie is ú om my bediende te wil slaan?
- VINCENTIO: (KWAAD) Wie is ék, meneer? Dis eerder wie is ú, meneer! O, onsterflike gode! O, jou uitgedoste skelm! Sydoublet! Ferweel kouse! Skarlaken mantel! Hoëpunt hoed! O, ek is geruïneer! Ek is gedaan! Terwyl ék tuis die goeie, spaarsame landbouer speel, bring my seun en sy bediendes alles op universiteit deur!
- TRANIO: Wat makeer nou weer?
- BAPTISTA: Is die man gek?
- TRANIO: Aan u drag skat ek u vir 'n eerwaardige, verstandige ou heer, maar u woorde bewys dat u gek is. Wat gaan dit ú aan as ek pêrels en goud aantrek? Ek kan dit bekostig, danksy my goeie vader!
- VINCENTIO: (KWAAD) Jóú vader, skelm? Hy is 'n seilmaker in Bergamo!
- BAPTISTA: U het dit mis, meneer, u het dit mis. Vertel my wat ú dink sy naam is.
- VINCENTIO: (KWAAD) Sy naam? Nes of ék sy naam nie ken nie! Vandat hy drie jaar oud was, het ék hom grootgemaak! Sy naam is Tranio!
- PEDANT: (SKRIL) Weg met jou, dolle esel! Sy naam is Lucentio, my enigste seun, erfgenaam van ál my grond! Ek is Vincentio!

VINCENTIO: /.....

- VINCENTIO: (ONTSTELD) Hý Lucentio! O, hy het sy baas vermoor!  
Ek gebied julle in die naam van die hertog, om hom  
gevang te neem! O, my seun, my seun! (KWAAD) Skurk!  
Sê vir my waar my seun Lucentio is!
- TRANIO: (GEBIEDEND) Loop roep 'n konstabel! :IEMAND GAAN UIT EN  
KOM TERUG MET 'N KONSTABEL: Neem hierdie mal skelm tronk  
toe! Vader Baptista, ek vra u om vir hom borg te staan.
- BIANCA:
- VINCENTIO: (WOEDEND) Wat! Vir my tronk toe neem?
- BAPTISTA:
- GREMIO: Wag, Konstabel. Hy gaan nie tronk toe nie.
- LUCENTIO:
- BAPTISTA: Moenie nog praat nie, meneer Gremio. Ek sê hy gaan  
tronk toe.
- GREMIO: Meneer Baptista, pasop dat hulle nie met u die gek  
skeer nie! Ek sal sweer dis die regte Vincentio dié!
- GREMIO:
- PEDANT: (GRIMMIG) Sweer as jy durf!
- VINCENTIO:
- GREMIO: (NADENKEND) Nee, ek mag nie sweer nie.
- BAPTISTA:
- TRANIO: Hoekom sê u nie sommer ek is nie Lucentio nie?
- BIANCA:
- GREMIO: Omdat ek weet u is Lucentio.
- BAPTISTA: Weg met die ou gek! Na die tronk met hom!
- VINCENTIO: (VERONTWAARDIG) Sô mag vreemdelinge mishandel en na  
die tronk gesleep word! O, jou vreeslike skurk!
- :BIONDELLO KOM TERUG MET LUCENTIO EN BIANCA:

BIONDELLO:/.....

- BIONDELLO: (BENOUD) O, dis klaarpraat met óns! Dáár is hy!  
Ontken hom, verloën hom, of óns is almal verlore!
- LUCENTIO: (KNIEL VOOR VINCENTIO) Vergewe tog, lieue Vader!
- VINCENTIO: (ONTROERD) My geliefde seun leef!  
:BIONDELLO, TRANIO EN PEDANT NEEM HAASTIG DIE WYK:
- BIANCA: (KNIEL) Verskoon ons tog, lieue vader!
- BAPTISTA: (VERERG) Hoe het jý gesondig? Waar is Lucentio?
- LUCENTIO: Hier is Lucentio,  
ware seun van die ware Vincentio.  
U dogter is nou myne; ons is getroud  
terwyl valse persone u oë bedrieg het.
- GREMIO: (ROEP UIT) Hier is voorwaar sameswering om almal te  
bedrieg!
- VINCENTIO: (VERERG) Waar is daardie vervlakste skurk Tranio,  
wat my so uitgetart en beledig het?
- BAPTISTA: (VERBYSTER) Maar is dít dan nie my Kambio nie?
- BIANCA: Kambio het aan Lucentio verander, vader.
- LUCENTIO: Liefde het dié wonderwerk gedoen!  
Bianca se liefde het my en Tranio laat omruil;  
hý het my plek in die stad geneem  
en ek het gelukkig oplaas beland  
in die verlangde hawe van my drome.  
Wat Tranio gedoen het, het ék hom gedwing om te doen.  
Verskoon hóm ook, lieue vader, ter wille van my.

VINCENTIO:/.....

- VINCENTIO: (NOG VERERG) Ek sal die neus van die vent wat my tronktoe wou stuur, afsny!
- BAPTISTA: (ASOF HY NOU EERS WERKLIK BEGRYP) Hoor hier, meneer! Is jy werklik sonder my toestemming met my dogter getroud?
- VINCENTIO: Moenie bang wees nie, meneer; ons sal jou tevrede stel. Maar eers moet ek na binne haas om my vir dié skurkagtigheid te wreek! :HY GAAN NA BINNE:
- BAPTISTA: Ek ook; om die diepte van dié skelmstreke te peil. :GAAN IN:
- LUCENTIO: Jy's verniet so bleek, Bianca. Jou vader sal nie kwaad wees nie. :LUCENTIO EN BIANCA GAAN IN:
- GREMIO: My twak is nat, maar ek gaan saam met die res; Ek hoop nou vir niks meer behalwe die fees nie. :HY GAAN OOK IN:
- :PETRUCHIO EN KATHARINA KOM VORENTOE:
- KATHARINA: Man, laat ons ook ingaan om die end van dié gedoente te sien.
- PETRUCHIO: Soen my eers, Kate, dan gaan ons.
- KATHARINA: (GESKOK) Wat! In die middel van die straat?
- PETRUCHIO: (ONNUTSIG) Skaam jy jou dan vir my?
- KATHARINA: Nee, meneer. Mag God dít verhoed! Net skaam om te soen.

PETRUCHIO:/.....

PETRUCHIO: Nou, dan gaan ons terug. Kom, kêrel, laat ons ry!

KATHARINA: Nee, wag! Ek sal jou 'n soen gee. (SOEN HOM) Bly tog, my liefste!

PETRUCHIO: (OPGERUIM) Is dit nou nie gaaf nie! Kom, my liewe Kate; beter eenmaal as nooit, want nooit is te laat!

:HULLE GAAN AF:

2de TONEEL

PADUA: IN LUCENTIO SE HUIS: FEESMAAL IS GEREED:  
BAPTISTA, VINCENTIO, LUCENTIO, BIANCA, PETRUCHIO,  
KATHARINA, HORTENSIO EN SY WEDUWEE, GREMIO EN DIE  
PEDANT KOM IN: TRANIO, BIONDELLO, GRUMIO EN ANDER  
BEDIEN HULLE.

LUCENTIO: Eindelik akkordeer ons wangeluide!  
Wanneer 'n felle oorlog verby is, is dit tyd  
om te glimlag oor ontkominge en nood  
wat verby is. My skone Bianca, heet my vader welkom  
wyl ek joue groet. Kom, broer Petruchio, sus Katharina  
en ú, Hortensio, met u liefhebbende weduwee.....  
welkom na my huis; vier met die beste fees.  
Dié eetmaal is om ons mage vol te maak  
na ons groot pret. Kom sit almal nou aan  
want nou gesels ons sowel as wat ons eet.

:ALMAL SIT AAN:

PETRUCHIO: Niks as net sit en sit en eet en eet nie!

BAPTISTA: Padua verskaf dié vriendelikheid, seun Petruchio.

PETRUCHIO: Padua verskaf niks wat nie vriendelik is nie!

HORTENSIO:/.....

- HORTENSIO: Ter wille van óns twee wens ek dis waar!
- PETRUCHIO: (SPOT) Hortensio is so waar bang vir sy weduwee!
- WEDUWEE: Vertrou mý dan nooit as ék ooit bang word nie!
- PETRUCHIO: U is verstandig, tog verstaan u nie wat ék bedoel nie. Ek bedoel, Hortensio is vir jōú bang.
- WEDUWEE: (KATTERIG) Hy wat self duiselig is, meen dat die aarde ronddraai.
- PETRUCHIO: 'n Ronde antwoord!
- KATHARINA: Mevrouw, hoe bedoel u dit?  
'Wie duiselig is, meen dat die aarde ronddraai.'  
Verduidelik wat u daarby bedoel!
- WEDUWEE: (KATTERIG) U man, nou met 'n rissie gepla, meet mý man se verdriet by sý ellende; en nou begryp jy my mening.
- KATHARINA: 'n Gemene mening!
- WEDUWEE: (KATTERIG) Reg! Ek bedoel jý!
- KATHARINA: Wel, my opinie van jōú is laag!
- PETRUCHIO: (LAGGEND) Vat haar, Kate!
- HORTENSIO: Vat haar, weduwee!
- PETRUCHIO: 'n Honderd marke, mý Kate trek haar neer!

HORTENSIO:/.....



HORTENSIO: Dis my amp.

PETRUCHIO: Amptelik gesproke! Gesondheid! :HY DRINK HORTENSIO SE GESONDHEID::

BAPTISTA: Wat dink u van dié geestelike klomp, Gremio?

GREMIO: Glo my, meneer, hulle stoot mekaar goed!

BIANCA: Kop en stoot! Iemand baie vlug van verstand sal sê jōu kop en stoot is kop en horing.

GREMIO: Reg, juffrou Bruid! Het dit u gewek?

BIANCA: Ja, maar nie bang gemaak nie. Ek sal weer slaap.

PETRUCHIO: O nee, terwyl u net begin het.  
Kom ons vat mekaar nou skertsend uit.

BIANCA: Is ek jou valk? Ek gaan my bos verskuif!  
Volg my terwyl jy jou boog span.  
Julle is almal welkom.

:BIANCA, WEDUWEE EN KATHARINA GAAN UIT:

PETRUCHIO: Sy het my voorgespring!...Hier, meneer Tranio,  
jy het ook na die valk gemik al het jy gemis.  
dus: Op die gesondheid van almal wat gemis het!

TRANIO: (LAGGIE) O, meneer Lucentio het my gelos soos  
sy windhond, wat self loop, maar vir sy baas vang.

PETRUCHIO: 'n Goeie, vinnige gelykenis, maar ietwat lafhartig.

TRANIO: Goed dat u self gaan jag het, meneer!  
Dit word gesê u hert hou u op 'n afstand!

BAPTISTA:/.....

- BAPTISTA: O-ho, Petruchio, Tranio raak jōu nou!
- LUCENTIO: Ek bedank jou vir daardie steek, Tranio!
- HORTENSIO: Erken! Erken! Het hy jou nie getref nie?
- PETRUCHIO: Ek erken hy skaaf my effens, maar daar die grap van my af weggekram het, tien teen een, julle is al twee dodelik getref!
- BAPTISTA: In alle erns Petruchio, my seun, ék meen jy het die kwaaieste rissie van almal.
- PETRUCHIO: Wel, ék sê nee....en om dit te bewys, laat elkeen 'n boodskap aan sy vrou stuur en hy wie se vrou die gehoorsaamste is om dadelik te kom as hy roep sal die weddenskap wen wat ons nou sal aangaan.
- HORTENSIO: Goed! Hoeveel is die weddenskap?
- LUCENTIO: Twintig krone.
- PETRUCHIO: (ASOF GESKOK) Twintig krone! Soveel wed ek op my hond of valk maar twintig maal nog soveel op my vrou!
- LUCENTIO: 'n Honderd dan.
- HORTENSIO: Goed!
- PETRUCHIO: Dis 'n weddenskap!
- HORTENSIO: Wie sal begin?

LUCENTIO:/.....

- LUCENTIO: Ek sal. Biondello,  
gaan sê vir jou nêi om na my te kom.
- BIONDELLO: Ek gaan, meneer. :HY GAAN UIT:
- BAPTISTA: Seun, ek staan die helfte dat Bianca sal kom.
- LUCENTIO: Ek het g'n helfte nodig nie. Ek dra alles self.  
:BIONDELLO KOM TERUG: Hoe nou? Wat sê sy?
- BIONDELLO: Meneer, my nêi laat weet sy is besig en kan nie kom nie.
- PETRUCHIO: Wat! Sy is besig en kan nie kom nie!  
Is dît 'n antwoord?
- GREMIO: Ja, 'n stil een!  
Bid die Vader jôu vrou stuur nie 'n kwaaiër nie!
- PETRUCHIO: 'n Beter een, hoop êk!
- HORTENSIO: Biondello, kêrel, gaan smeeek my vrou om dadelik na my  
te kom. :BIONDELLO GAAN UIT:
- PETRUCHIO: (SPOTTEND) O-ho! Hý smeek! Nee, dan móët sy kom!
- HORTENSIO: Meneer, ek is bevrees dat joue haar nie laat soebat nie,  
al maak jy ook hōé! :BIONDELLO KOM TERUG: Waar is my vrou?
- BIONDELLO: Sy sê julle skeer alweer die gek met hulle;  
sy wil nie kom nie; sy sê u moet na haar toe gaan.
- PETRUCHIO: (OPGERUIM) Erger en erger! Sy wil nie kom nie! Foei!  
Onuitstaanbaar! Grumio, kêrel, gaan na jôu nêi toe  
en sê ek gebied haar om hier na my te kom.  
:GRUMIO GAAN UIT:

HORTENSIO:/.....

- HORTENSIO: Ek weet wat sý sal sê!
- PETRUCHIO: Wat?
- HORTENSIO: Dat sy nie sal kom nie.
- PETRUCHIO: (SKOUEROPHALEND) Ongelukkig vir my, en daar 'n end aan!
- BAPTISTA: (UITERS VERBAASD) Gedoriewaar, hier kom Kate!
- KATHARINA: Wat wil u hê dat u my laat roep, meneer?
- PETRUCHIO: Waar is jou suster en Hortensio se vrou?
- KATHARINA: Hulle gesels voor die sitkamervuur.
- PETRUCHIO: Bring hulle hierheen. Slaan hulle deeglik na hul mans as hulle nie wil kom nie!
- :KATHARINA GAAN UIT:
- LUCENTIO: Van wonderwerke gepraat, hier is een!
- HORTENSIO: Ek wonder wat dít voorspel?
- PETRUCHIO: Dit voorspel vrede, liefde, 'n stil lewe, eerbiedigende bewind, die regte heerskappy; kortom, alles wat lieflik en gelukkig is.
- BAPTISTA: Beste Petruchio, ek wens jou geluk toe. Jý wen die weddenskap en daaraan voeg ek toe - by hulle verliese - nog 'n bruidskat vir 'n ander dogter want sý het verander asof sy nooit voorheen was nie!
- PETRUCHIO: Wag, ek sal my weddenskap nog beter wen, beter bewys hōe gehoorsaam sy is, haar nuwe deug en gehoorsaamheid.

Kyk, hier kom sy, en bring julle eiewysige vrouens  
as gevangenes van haar vroulike oorredingskrag.

:KATHARINA KOM TERUG MET BIANCA EN WEDUWEE:

Katharina, daardie mus pas jou glad nie.

Haal dit af! Vertrap dit!

:KATHARINA HAAL HAAR MUS AF: GOOI DIT NEER:

- WEDUWEE: (OË OPGEHEF; LEEDVERMAKERIG) Here, laat my nimmer rede hê  
om te sug omdat ek na so 'n verspotte einde kom nie!
- BIANCA: Ag-nee! Watse verspotte plig noem jy dít?
- LUCENTIO: Ek wens jōú pligsbesef was net so verspot!  
Die wysheid van jōú pligsbesef, Bianca,  
kos my, sinds ete, 'n honderd krone!
- BIANCA: (VERERG) Groter gek jy om op my gehoorsaamheid te wed!
- PETRUCHIO: Kate, vertel jy dié koppige vrouens  
wat hulle verpligting teenoor hulle mans is.
- WEDUWEE: (BITSIG) Kom bog! Jy spot net! Ons laat ons nie  
vertel nie!
- PETRUCHIO: Kom aan, sê ek, en begin eerste met haar!
- WEDUWEE: (DRIFTIG) Sy sal nie!
- PETRUCHIO: Ek sê sy sal, en eerste met jōú begin!
- KATHARINA: (ERNSTIG) Foei! Foei! Ontplooï jou dreigende, onvriend'like  
frons en moenie sulke skerp blikke uit jou oë werp om jou  
heer te kwets nie jou heer, jou koning, jou bestuurder!  
Dit wis jou skoonheid uit soos ryp die weiveld,

verdelg/.....

verdelg u faam soos warrelwinde die bloeisels  
 en is geensins reg of lieflik nie.  
 'n Vrou wat kwaad is, is soos 'n fontein  
 wat omgeroer is, troebel, onaangenaam.  
 Wyl dit sō is, sal niemand hoegenaamd, hoe dors ookal,  
 hom dwing om 'n druppel daarvan te drink nie.  
 U man is u heer, u lewe, u bewaarder;  
 vir ú onderhoud waag hy sy lyf  
 aan pynlike arbeid op see en land;  
 hou snags deur storms wag, bedags in koue  
 'wyl jy warm in die huis slaap.  
 Hy vra geen ander huldeblyk van jōú  
 as liefde, vriend'likheid, gehoorsaamheid;  
 dis maar min vergoeding vir so'n groot skuld!  
 Die plig wat 'n onderdaan sy Prins verskuldig is,  
 dieselfde is 'n vrou haar man verskuldig;  
 as sy dan koppig is, gemelik of suur is,  
 nie gehoorsaam aan sy redelike wil nie,  
 wat anders is sý as 'n slegte, weerbarstige rebel  
 en skaamtelose verraaier van haar heer?  
 Ek skaam my dat vrouens sō simpel is  
 om oorlog te maak waar sy in vrede hoort te kniel;  
 op soek na heerskappy waar hul verplig is om te dien,  
 te bemin, te gehoorsaam.  
 Waarom is ons liggame so sag, so swak en glad  
 en onbekwaam vir harde arbeid, hê?  
 Sodat ons sagte uiterlike met  
 ons sagte harte en geaardheid paar!  
 Kom kom, julle kwaai en onbevoegde wurms!  
 Mý gees was net so groot soos julle s'n,  
 my moed so groot, my verstand nog skerper  
 vir 'n woordewisseling, en frons vir frons te gee;  
 Maar nou sien ek dat ons lanse net strooie is,  
 ons krag te swak, ons swakheid hopeloos;

dít/.....

dít wat ons die minste is, wil ons voordoen om te wees!  
 Bedek jul trots; dit help tog niks nie;  
 plaas jul hande onder julle mans se voete  
 en as bewys van mý plig is mý hand gereed  
 om so te maak as hý so sê!

PETRUCHIO: (OPGEWONDE) Ai, dáár's vir jou 'n vrou! Kom hier  
 en soen my, Kate!

LUCENTIO: Gaan nou maar voort, ou seun, want jý't gewen.

VINCENTIO: Dis goed om te hoor dat kinders gereed is om te leer!

LUCENTIO: Maar onaangenaam om te hoor as vrouens parmantig is!

PETRUCHIO: Kom, Kate, ons gaan nou slaap.  
 Ons drie is getroud, maar met julle twee is dit klaar!  
 (AAN LUCENTIO) Ek het die weddenskap gewen, al hê't jý  
 dit wit skyf getref, en daar jý winner is, God gee jou  
 goeie nag!

:PETRUCHIO EN KATHARINA GAAN UIT:

HORTENSIO: Gaan maar jou gang; jy't 'n verflakste rissie getem!

LUCENTIO: Verskoon mý; die wonderwerk is dat sy haar so laat  
 tem het!

:HY GAAN AF:

S L O T



101804521



BC54186